Ten spyte van 'n verdere daling in die invoer gedurende Januarie en Februarie tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van minder as R1,600 miljoen, het die lopende rekening van die betalingsbalans nogtans 'n klein tekort gedurende hierdie twee maande gewys. Aangesien die totale goud- en buitelandse valuta-reserwes met ongeveer R16 miljoen gedurende hierdie periode toegeneem het, tot naastenby R469 miljoen

aan die einde van Februarie, waarvan die Reserwebank R435 miljoen gehou het, moes daar weer 'n netto invloeiing van kapitaal uit die buiteland gewees het, alhoewel die koers van invloeiing duidelik baie kleiner as gedurende die vierde kwartaal van 1965 was. Gedurende Maart het die Reserwebank se besit aan goud- en buitelandse valuta-reserwes met 'n verdere R15 miljoen toegeneem tot R450 miljoen.

Monetêre en banktoestand

Toename in geld en kwasi-geld gedurende die vierde kwartaal

Ondanks 'n duidelike afname in die uitstaande bedrag aan krediet wat deur die monetêre banksektor aan die private sektor verleen is, het die totale bedrag aan geld en kwasi-geld gehou deur die private sektor tussen September en Desember 1965 met nie minder nie as R202 miljoen toegeneem. Hierdie toename was hoofsaaklik 'n weerspieëling van (1) die groot styging in die goud- en buitelandse valuta-reserwes gedurende hierdie kwartaal, (2) 'n aansienlike toename in die *netto*² eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor, vernameelik in die vorm van 'n vermeerderde besit aan skatkiswissels en staatseffekte, en (3) 'n verdere verskuiwing van lang- na kort- en middeltermyndeposito's by monetêre bankinstellings. Die gevolg was dat die private sektor in sy geheel, niesteenstaande die beperkende kredietbeleid, in 'n betreklik likwiede toestand gebly het en potensieël nog in staat was om sy verbruiks- en investeringsuitgawes aansienlik te vermeerder.

Afname in bankkrediet aan die private sektor

Feitlik al die banke wat by die monetêre banksektor ingesluit is, het gedurende die tydperk Oktober 1965 tot Februarie 1966 'n daling in hul krediet aan die private sektor getoon. Die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte het byvoorbeeld gedurende die vier kwartale van 1965 en die eerste twee maande van 1966 soos volg verander:

Veranderings in diskonteringe en voorskotte van handelsbanke
R miljoene

Tydperk	Totale diskonteringe en voorskotte, uitgesonderd die Landbank	Voor-skotte aan die Land-bank	Totale diskonteringe en voorskotte	Totale diskonteringe en voorskotte, seisoens-invloed uitgeskakel
1965—1e kwartaal	+94.3	+ 1.9	+96.2	+58.6
—2e kwartaal	+31.1	+12.8	+43.9	+37.0
—3e kwartaal	-18.6	+ 2.7	-15.9	+12.2
—4e kwartaal	-57.3	+ 0.1	-57.2	-40.5
1966—Januarie	+ 2.0	+ 4.7	+ 6.7	- 1.2
—Februarie	-14.4	- 0.7	-15.1	-44.8

²Dit wil sê, nadat veranderings in regeringsdeposito's by die monetêre banksektor in berekening gebring is.




Die afname in handelsbankkrediet aan die private sektor vanaf ongeveer die middel van 1965 was waarskynlik grotendeels die gevolg van die beperkende monetêre beleid wat deur die owerheid toegepas is en wat, bo en behalwe verhoogde minimumlikwiditeitsverhoudings, ook ingesluit het 'n uitdruklike versoek aan alle monetêre bankinstellings op 29 Oktober om te verseker dat die totaal van hul diskonterings, lenings en voorskotte aan die private sektor, uitgesonderd die Landbank, soos op 31 Maart 1966 nie die totaal van hierdie poste soos op 31 Maart 1965 oorskry nie. Teen die einde van Februarie 1966 het die „beheerde krediet” van die handelsbanke as 'n groep ongeveer R57 miljoen benede die toelaatbare peil van die vorige Maart gestaan.

Krediet deur monetêre huurkoop- en algemene banke aan die private sektor verleen, wat reeds vanaf omstreeks April 1965 geneig het om meer gelyk te verloop, het gedurende die vierde kwartaal met R29 miljoen tot R380 miljoen aan die einde van die jaar gedaal, wat ongeveer R22 miljoen benede die peil van die vorige Maart was.

Die „beheerde krediet” van aksepbanke het egter, teen die algemene neiging, vanaf die einde van September 1965 tot die einde van Januarie 1966 met R10 miljoen toegeneem. Die benutte aksepfasiliteite van aksepbanke (uitgesonderd hul besit aan hul eie aksepte) het gedurende hierdie tydperk min verandering getoon.

Ten slotte het die Reserwebank, as gevolg van die verbetering in die betalingsbalans en die verandering in die monetêre en banktoestand waarna hierbo verwys is, 'n afname ondervind in die beroepe wat op hom gedoen is om finansiële hulp te verleen en het daarin geslaag om sy diskonterings, voorskotte en beleggings vanaf R212 miljoen aan die einde van September 1965 tot R152 miljoen aan die einde van Februarie te verminder. Van hierdie daling van R60 miljoen verteenwoordig 'n vermindering in Landbankwissels R37 miljoen, terwyl lenings aan die geldmark met R17 miljoen afgeneem het.



Staatsfinansies

Na 'n daling vanaf R202 miljoen aan die einde van Februarie 1965 tot R2 miljoen aan die einde van November, het die regering se saldo's op die skatkis- en betaalmeestergeneraalrekenings toegeneem tot R95 miljoen aan die einde van Februarie 1966 en toe slegs gedaal tot R90 miljoen aan die einde van Maart. Die verbetering tussen November en die einde van Februarie was hoofsaaklik toe te skryf aan seisoensveranderinge in skatkisuitreikings en -ontvangstes (uitgesonderd lenings), maar was ook die gevolg van groter netto lenings deur die uitreiking van skatkiswissels en staatseffekte waarvan 'n aansienlike gedeelte deur monetêre bankinstellings opgeneem is.

Van 'n staatseffek van R77 miljoen wat op 15 Februarie verval het, is R6 miljoen omgesit in 'n 6 persent 25-jaar-effek en R53 miljoen in 'n 5 persent 3-jaar-effek. Die saldo van R18 miljoen is in kontant terugbetaal. Daarbenewens het nuwe inskrywings op hierdie lenings R70 miljoen bedra, naamlik R42 miljoen in die geval van die 3-jaar-effek (waarvan die Staatskuldkommissaris slegs R4 miljoen bygedra het) en R28 miljoen in die geval van die 25-jaar-effek (waarvan die Staatskuldkommissaris R6 miljoen bygedra het).

Kapitaalmark

Styging in aandelepryse

Kapitaalmarktoestande het in die algemeen stram gebly dwarsdeur die tydperk Oktober 1965 tot Februarie 1966, wat onder die omstandighede 'n wenslike stabiliserende uitwerking op die volkshuishouding gehad het. Die onderliggende lewendigheid en optimisme in die volkshuishouding was egter sodanig dat die pryse van al die belangrikste klasse van aandele, nadat hulle teen omstreeks die middel van die tweede helfte van 1965 'n laagtepunt bereik het, in 'n aansienlike mate herstel het, soos deur die volgende tabel aangetoon word.

Indekse van aandelepryse (1958=100)

Tipe van aandeel	Laagste syfer in 1965		Februarie 1966
	Maand	Indeks	
Goudmynaandele	November	136	143
Steenkoolmynaandele	September	116	122
Finansiële aandele:			
Mynhuise	November	184	190
Ander mynwese	Oktober	195	210
Nywerheid	September	208	223
Nywerheids- en handels-aandele	September	224	238

Die gemiddelde opbrengskoers op goudmynaandele het rondom die peil van 8.76 persent wat in November 1965 bereik is, geskommel, terwyl dié op nywerheids- en handelsaandele onder die invloed van stygende pryse tot 5.88 persent in Desember gedaal het, nadat dit in Augustus 1965 vir die eerste keer in drie jaar 6 persent oorskry het.

Bouverenigings onder druk

Die bouverenigings het steeds die uitwerking van die stram kapitaalmarktoestande ondervind. Gedurende die drie maande Desember tot Februarie het hulle, gedeeltelik as gevolg van seisoensfaktore, 'n netto invloeiing van nuwe fondse van slegs R8 miljoen ondervind, vergeleke met 'n gemiddelde kwartaallikse bedrag van R21 miljoen gedurende 1965. Dit het natuurlik hul vermoë om lenings toe te staan, beperk, en hul uitstaande verband- en ander lenings het met slegs R14 miljoen gedurende hierdie tydperk toegeneem, teenoor 'n kwartaallikse gemiddelde van R35 miljoen gedurende 1965.

Aan die einde van 1965, toe die verenigings vir die eerste keer aan die nuwe statutêre vereistes ten opsigte van likwiede bates en voorgeskrewe beleggings moes voldoen, het hul oorskot likwiede bates en voorgeskrewe beleggings onderskeidelik R8 miljoen en R83 miljoen bedra. Teen die einde van Februarie het hierdie oorskotbedrae tot R26 miljoen en R92 miljoen onderskeidelik toegeneem.

Monetêre beleid

Alhoewel bewus van die feit dat die onderskeie beperkende monetêre en fiskale maatreëls wat vroeër in werking gestel is, tesame met die werking van selfregulerende ekonomiese kragte, reeds in 'n aansienlike mate die inflasionistiese oorbesteding verminder het, het die monetêre owerheid steeds van mening gebly dat die vereiste „afkoeling” van die volkshuishouding nog nie ver genoeg gevorder het om enige verslapping van die maatreëls toe te laat nie. Die goud- en buitelandse valuta-reserwes het wel

aansienlik gestyg sedert September 1965, maar hierdie styging was, soos hierbo aangetoon, nie die gevolg van 'n surplus op lopende rekening nie, maar is hoofsaaklik veroorsaak deur 'n invloeiing van kapitaal waarvan 'n groot deel korttermynfondse verteenwoordig het. Alhoewel hierdie invloeiing 'n nuttige oorbruggingsfunksie verrig het, het dit natuurlik nie bygedra om die onderliggende probleem van algemene oorbesteding op te los nie. Die owerhede was gevolglik van mening dat daar baie sterker aanduidings van 'n afname in die inflasionistiese druk op pryse en 'n aansienlike verdere verbetering in die betalingsbalans op lopende rekening moes wees alvorens die beperkende maatreëls aanmerklik verlig kon word. Die noodsaaklikheid om die lopende betalingsbalans-tekort te omskep in 'n surplus vir ten minste 'n tyd lank, het klaarblyklik steeds 'n aansienlike mate van dissipline oor besteding deur sowel die private as die openbare sektor vereis.

Bowendien, soos hierbo aangetoon, het die feit dat die sikliese oplewing in die volkshuishouding teen die middel van 1965 meer gelyk begin verloop het, terwyl sekere ekonomiese aanwysers, ná bereiking van 'n hoogtepunt, in werklikheid begin daal het, nie beteken dat die totale monetêre vraag onvoldoende geword het nie. Tewens, die betalingsbalans op lopende rekening het tot einde Februarie, indien die seisoensinvloede uitgeskakel word, nog 'n klein tekort getoon, terwyl die binnelandse ekonomiese toestand nog gekenmerk is nie alleen deur volledige besetting van arbeid en ander produksiefaktore nie, maar ook deur 'n mate van inflasie. Daar moes ook rekening gehou word met potensiële inflasionistiese faktore soos die onlangse salarisverhogings in die Staatsdiens en die toename in die likwiditeit van die private sektor gedurende die laaste kwartaal van 1965, wat hoofsaaklik die gevolg was van die kapitaalinvloeiing en die toename in die netto kredietverlening deur die monetêre banksektor aan die regering.

Met die oog op al hierdie oorwegings is die Reserwebank se kredietaanwysing aan monetêre bankinstellings vir 'n verdere ses maande tot 30 September 1966 verleng, alhoewel met kleinere wysigings. Die monetêre bankinstellings is naamlik toegelaat om hul kredietverlening aan die private sektor gedurende hierdie periode met 'n bedrag van nie meer as 2½ persent van die totaal van sodanige krediet op 31 Maart 1965 uit te brei nie, met dien verstande dat sodanige addisionele krediet slegs verleen word direk aan *bona fide* boere vir noodsaaklike lewens- en boerderybenodigdhede of aan persone en ondernemings wat sodanige benodigdhede direk aan boere verskaf of die aankoop van boerderyprodukte direk van boere onderneem.

Geld, kwasi-geld en die monetêre banksektor

deur Gerhard de Kock

Met die oog op belangrike onlangse veranderings in bankpraktyk en -wetgewing in Suid-Afrika enersyds, en in monetêre en bankteorie andersyds, het die Reserwebank besluit om sekere wysigings aan te bring in sy formele „monetêre ontleding“, d.w.s. sy ontleding van veranderings in die gekonsolideerde bates en laste van die „banksektor“. Hierdie tipe ontleding is sedert 1959¹ deur die Bank in sy *Kwartaalblad* aangebied en is van tyd tot tyd aangepas om met veranderings in bankomstandighede rekening te hou. Ten einde hierdie nuwe ontleding van stapel te stuur, word drie verduidelikende artikels in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* ingesluit, naamlik hierdie artikel, gevolg deur een deur dr. B. van Staden wat in besonderhede handel oor die definisies en metodes wat in die nuwe monetêre ontleding gebruik word, en een deur mnr. J. H. Meijer wat betrekking het op die belangrikheid van likwiede bates, uitgesonderd geld en kwasi-geld, wat deur die private nie-finansiële sektor in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding gehou word. Die eerste statistiese resultate van die nuwe benadering word op bladsye S-18 tot S-20 van hierdie uitgawe aangebied.

Nuwe definisie van „monetêre banksektor“

Die eerste belangrike verskil tussen die nuwe monetêre ontleding en die vorige een is dat die dekking van die „banksektor“, of, meer bepaald, die „monetêre banksektor“, uitgebrei is. Twintig jaar gelede is daar (tereg) aan die monetêre banksektor gedink as bestaande uit slegs die Reserwebank en die handelsbanke. Daarna is dit gerade geag om ook die Nasionale Finansiële korporasie, diskontohuise en die korttermynbesigheid van die Landbank in te sluit. Met die oog op onlangse bankverwikkelinge, word dit nou egter nodig geag om selfs verder te gaan, en die monetêre banksektor is gevolglik hergedefinieer as bestaande uit die *Suid-Afrikaanse Reserwebank, handelsbanke, aksepbanke, die Nasionale Finansiële korporasie, diskontohuise, die korttermynbesigheid van die Land-*

*bank, en alle ander geregistreerde bankinstellings waarvan die maandelikse gemiddelde bedrag aan onmiddellik opeisbare depositoverpligtings gedurende die voorafgaande kalenderjaar minstens R1 miljoen bedra het en waarvan die maandelikse gemiddelde bedrag aan kort- en middeltermyndepositoverpligtings gedurende die voorafgaande kalenderjaar gesamentlik minstens een-derde van die totale depositoverpligtings van 'n sodanige instelling of minstens R30 miljoen bedra het.*²

Tans beteken dit dat, bykomend tot die soorte instellings wat uitdruklik hierbo genoem is, vyf huurkoopbanke en vier algemene banke in die monetêre banksektor ingesluit sal word. Die oorblywende algemene en huurkoopbanke, tesame met spaarbanke, bouverenigings en die Posspaarbank, word gevolglik uitgesluit. Die redes waarom daar op hierdie nuwe breëre definisie van monetêre banksektor besluit is, sal later bespreek word.

Nuwe definisies van geld en kwasi-geld

Die tweede belangrike verskil tussen die nuwe monetêre ontleding en die vorige een het betrekking op die definisies van geld en kwasi-geld. Geld word dikwels gedefinieer as „enige algemeen aanvaarde ruil- of betaalmiddel wat ook as rekeneenheid dien“, en in die Reserwebank se vroeëre monetêre ontleding is dit beskou as bestaande uit munt en banknote buite die banksektor en onmiddellik opeisbare deposito's wat deur die private sektor (insluitende die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en plaaslike besture) by

Daar sal opgemerk word dat hierdie definisie van die monetêre banksektor nie presies ooreenstem met die definisie van „monetêre bankinstelling“ wat in die Regulasies ingevolge die Bankwet van 1965 gegee word nie. Die laasgenoemde definisie sluit die „Suid-Afrikaanse Reserwebank, Nasionale Finansiële korporasie van Suid-Afrika, diskontohuise, handelsbanke, aksepbanke en ander bankinstellings wat 'n reserwesaldo by die Reserwebank moet hou“ in. Die Bankwet self skryf voor dat sodanige reserwesaldo's gehou moet word deur bankinstellings waarvan die korttermynverpligtings teenoor die publiek in die Republiek, uitgesonderd aksepverpligtings en lenings van ander bankinstellings, R500,000 te bowe gaan.

Die verskil tussen hierdie twee definisies is egter gering. In praktyk beteken dit slegs dat drie van die kleiner instellings, wat miskien beter as spaartussengangers beskou kan word, van die banksektor uitgesluit word vir doeleindes van monetêre ontleding, terwyl die korttermynbesigheid van die Landbank ingesluit word. Dit sou natuurlik ideaal wees indien hierdie twee definisies identies was, en dit mag op 'n latere stadium wenslik wees om die nodige klein wysiging in die Bankwet en die Regulasies aan te bring ten einde hierdie doel te bereik.

¹Die pioniers op hierdie gespesialiseerde gebied in Suid-Afrika was, eerstens, dr. T. W. de Jongh, en, op 'n latere stadium, dr. B. van Staden, albei van die Reserwebank. Sien T. W. de Jongh, „Ekonomiese Oorsig“ in die Reserwebank se *Statistiese Kwartaalblad*, Maart 1959 tot Junie 1962, en B. van Staden, „'n Monetêre Ontleding vir Suid-Afrika“, *Statistiese Kwartaalblad*, Maart 1963.

handelsbanke en die Reserwebank gehou word.³ In die nuwe ontleding word die dekking van „geld” verbreed om, behalwe munt en banknote buite die banksektor, alle onmiddellik opeisbare deposito's en daggeld in te sluit wat deur die private sektor (weer eens insluitende die Spoorweë en Hawens en plaaslike besture) by instellings in die nuut gedefinieerde monetêre banksektor gehou word. Dit beteken, byvoorbeeld, dat daggeld of onmiddellik opeisbare deposito's wat deur die private (nie-bank-) sektor by die Nasionale Finansiële Korporasie, diskontohuise, aksepbanke en die monetêre huurkoop- en algemene banke gehou word, nou deel van die geldvoorraad uitmaak. Die redes vir hierdie verandering en die besonderhede betrokke by die berekening van die geldvoorraad op die nuwe basis word in dr. van Staden se artikel bespreek.

Amper-geld of kwasi-geld het vandag geen gestandaardiseerde definisie in die wêreld nie. Dit word dikwels beskou as bestaande uit bates gehou deur die private sektor wat *en masse*, gerieflik, binne 'n redelik kort tydperk en sonder noemenswaardige verlies in geld omgesit kan word. Hierdie definisie kan egter op baie verskillende maniere vertolk word, en in werklikheid word heeltemal uiteenlopende betekenisse aan die begrip kwasi-geld geheg, somtyds 'n baie breë en somtyds 'n baie enge betekenis.

In die Reserwebank se vroeëre monetêre ontleding is kwasi-geld *by die banksektor* beskou as bestaande uit alle termyn- en spaardeposito's by handelsbanke, daggeld by die Nasionale Finansiële Korporasie en diskontohuise, en deposito's by die Landbank, terwyl skatkiswissels, belastingdelgingssertifikate en korttermynstaatseffekte in die hande van die private (nie-bank-) sektor beskou is as 'n ander vorm van kwasi-geld, naamlik kwasi-geld wat deur die private sektor by die regeringsektor gehou is.

In die nuwe ontleding word kwasi-geld bloot gedefinieer as alle korttermyndeposito's,⁴ uitgesonderd onmiddellik opeisbare deposito's, en alle middeltermyndeposito's,⁵ met inbegrip van spaardeposito's, gehou deur die private sektor by die monetêre banksektor soos hergedefinieer. Dit beteken dat langtermyndeposito's by die banksektor, d.w.s. deposito's met 'n onverstreke looptyd van ses maande of langer, of wat kennisgewing van ses maande of langer

vereis, en likwiede bates van die private nie-banksektor by die regeringsektor, d.w.s. skatkiswissels, korttermynstaatseffekte, ens., nie meer onder kwasi-geld ingesluit word nie.

Langtermyndeposito's is uitgesluit op grond daarvan dat, veral met die oog op die nuwe wetlike beperkings op die terugbetaling van termyndeposito's voor vervaldatum, hulle nie sulke nabye plaasvervangers vir geld soos kort- en middeltermyndeposito's is nie en nie in dieselfde mate op 'n veelvoudige grondslag as laasgenoemde deposito's „geskep” kan word nie. Die besluit om die skeidslyn tussen kwasi-geld en ander deposito's op ses maande te trek, was natuurlik arbitrêr en in 'n groot mate beïnvloed deur die statistiese gerief verbonde aan die feit dat dit ook die skeidslyn is wat deur die Bankwet tussen middel- en langtermynverpligtings getrek word. Een of ander sodanige skeiding het nietemin wenslik geblyk te wees. Soos die volgende afdelings sal poog om aan te dui, is die vernaamste gebruik van die tipe monetêre ontleding onder bespreking om aan te toon in welke mate veranderinge in die geldvoorraad en in sekere ander bankdeposito's wat as nabye plaasvervangers vir geld dien, „veroorsaak” word deur faktore soos veranderinge in bankkrediet en in goud- en buitelandse valutareserwes. En, om redes wat later duideliker sal word, skyn dit nie nuttig te wees om veranderinge in langtermyndeposito's te beskou asof hulle in die eerste plek deur faktore soos hierdie „veroorsaak” is nie.

Netso is die vernaamste rede waarom kwasi-geld tot nabye plaasvervangers vir geld *gehou by die monetêre banksektor* beperk is, en waarom, byvoorbeeld, likwiede bates gehou deur die private nie-banksektor by die regeringsektor daarvan uitgesluit is, die feit dat oorsake van verandering in hierdie ander likwiede bates nie bepaal kan word uit 'n ontleding van veranderinge in die gekonsolideerde bates en laste van die monetêre banksektor op sigself nie, en ook omdat dit gerade geag is om die banksektorontleding redelik „suiwer” te hou en om dit nie te integreer met ander elemente in 'n breë ontleding van oorsake van veranderinge in die totale likwiede bates van of die private nie-bank- of die private nie-finansiële sektor nie.

Hierdie is natuurlik grootliks terminologiese aangeleenthede en daar bestaan geen logiese rede waarom die begrip „kwasi-geld” nie in 'n meer omvattende sin gebruik sou kon word indien dit so verkies sou word nie. Maar van al die verskillende moontlike oplossings vir hierdie terminologiese probleem het dit die eenvoudigste geblyk om kwasi-geld tot daardie nabye plaasvervangers vir geld te beperk wat deur die private sektor by die instellings wat in die monetêre banksektor ingesluit is, gehou word, en wat op 'n veelvoudige grondslag deur laasgenoemde sektor geskep kan word. Dit het ook die voordeel dat veranderinge in die voorraad „geld” en „kwasi-geld”

³Vir verdere besonderhede, soos die behandeling van buitelandse deposito's, sien B. van Staden, *loc. cit.*

⁴„Korttermynverpligting”, met betrekking tot een of ander datum, word in die Bankwet gedefinieer as 'n verpligting wat binne 30 dae vanaf daardie datum betaalbaar is, of wat op daardie datum aan minder as 30 dae kennis van opsegging onderworpe is voordat dit betaalbaar word.

⁵„Middeltermynverpligting”, met betrekking tot een of ander datum, word in die Bankwet gedefinieer as 'n verpligting wat ná die verloop van 'n tydperk van minstens 30 dae maar minder as ses maande vanaf daardie datum betaalbaar is of wat op daardie datum aan minstens 30 dae maar minder as ses maande kennis van opsegging onderworpe is voordat dit betaalbaar word, en dit sluit spaardeposito's in.

nou ten volle ontleed kan word in die amptelike „monetêre“ ontleding of oorsig, wat die aanbieding vereenvoudig.

Die keuse van terminologie impliseer natuurlik geensins dat geld en kwasi-geld, soos gedefinieer, die enigste likwiede bates in die hande van die private nie-finansiële sektor is nie. Inteendeel, benewens die reeds genoemde likwiede bates gehou by die regeringsektor en langtermyndeposito's by monetêre bankinstellings, moet ook rekening gehou word met sulke ander likwiede bates soos kort-, middel- en langtermyndeposito's by bankinstellings wat nie in die monetêre banksektor ingesluit is nie, en deposito's en aandele by bouverenigings. Die belangrikheid van die verskillende soorte likwiede bates, uitgesonderd geld en kwasi-geld, word in besonderhede in mnr. Meijer se artikel behandel.

Belangrikheid van monetêre banksektor: sy vermoë om geld en kwasi-geld te skep

Waarom word dit as nodig beskou om tussen die monetêre banksektor en ander finansiële instellings, insluitende ander depositonemende instellings soos spaarbanke en bouverenigings, te onderskei? Die vernaamste regverdiging vir hierdie onderskeid is dat die monetêre banksektor in bepaalde omstandighede geld of kwasi-geld kan skep deur bykomende krediet aan die private en openbare sektore te verleen. Met ander woorde, deur hul bates uit te brei kan hulle as 'n groep hul eie verpligtings skep. Hierdie skepping van geld of kwasi-geld is iets wat ander finansiële instellings nie in enige noemenswaardige mate kan nadoen nie. Hulle moet in die algemeen eers deposito's of ander middele verkry voordat hulle lenings kan toestaan, beleggings kan maak of hul bates op 'n ander manier kan uitbrei.

Die rede waarom monetêre bankinstellings as 'n sektor oor hierdie spesiale vermoë beskik, is juis die feit dat hul kort- en middeltermynverpligtings as geld en kwasi-geld van die private sektor dien. Dit verduidelik waarom hulle 'n groot en feitlik outomatiese „terugvloeiing“ in die vorm van deposito's ondervind wanneer hulle hul totale voorskotte, diskonteringe en beleggings uitbrei. Wanneer versekeringsmaatskappye in effekte of aandele belê, vloei die fondse nie outomaties na hulle terug in die vorm van versekeringspremies nie. Insgelyks, wanneer egte spaarbanke verbandlenings toestaan, spaar die ontvangers van die fondse nie outomaties meer in die vorm van deposito's by spaarbanke nie. Wanneer monetêre banke egter hul krediet uitbrei, sal die meeste van die ontvangers van die uitbetaalde fondse geneig wees om die geld weer by die banksektor te „bank“.

Soos wel bekend is, sal daar normaalweg perke wees aan die mate waarin die monetêre banke bykomende geld of kwasi-geld kan skep. In die geval van monetêre bankinstellings, met uitsondering van die sentrale

bank, word hul vermoë om dit te doen nie alleen beperk deur die omvang van die „terugvloeiing“ waarna hierbo verwys is nie, maar ook deur die minimumpersentasie van hul verpligtings teenoor die publiek wat hulle in die vorm van saldo's by die sentrale bank moet hou. Dit is waar dat die sentrale bank deur uitbreiding van sy krediet die ander monetêre banke van bykomende kontantreserwes kan voorsien en sodoende hul vermoë om meer geld of kwasi-geld te skep, vergroot. Vermoedelik sal die sentrale bank dit egter nie wil doen as dit inflasionistiese gevolge sal hê nie, en, in elk geval, mag selfs die sentrale bank se vermoë om krediet uit te brei deur betalingsbalans- en ander oorwegings beperk wees.

Dit bly nietemin 'n feit dat, aangesien die monetêre bankinstellings as 'n groep slegs 'n klein gedeelte van hul bates in die vorm van minimumsaldo's by die sentrale bank hoef te hou, enige gegewe toename in hul kontantbasis, byvoorbeeld as gevolg van 'n betalingsbalansoorskot of 'n afname in regeringsdeposito's by die sentrale bank, hulle in staat kan stel om hul krediet en daardeur die voorraad geld en kwasi-geld met 'n veel groter bedrag uit te brei, aangenome natuurlik dat die vraag na hul kredietfasiliteite sterk genoeg is. 'n „Kredietvermenigvuldiger“ word met ander woorde in werking gestel.

Die betekenis hiervan is dat die monetêre banksektor, *in 'n heel besondere sin en in 'n aansienlike mate*, die voorraad uitleenbare fondse kan laat toeneem sonder enige styging in die beplande (*ex-ante*) besparing deur individue, maatskappye of enige ander sektor in die volkshuishouding. Onder toestande van volledige besetting kan hulle derhalwe oormatige besteding aan sowel kapitaal- as verbruiksgoedere toelaat of vergemaklik en sodoende bydra tot inflasie en betalingsbalansonewewigtheid op 'n wyse waartoe ander finansiële instellings nie in staat is nie.

Monetêre banksektor as besitter van goud- en buitelandse valuta-reserwes

'n Verdere oorweging by die onderskeiding tussen die monetêre banksektor en ander finansiële instellings is dat dieselfde banksektor waaraan die private sektor sy geld en kwasi-geld toevertrou ook daardie instellings insluit (met uitsondering van die regering self) wat die amptelike goud- en buitelandse valuta-reserwes van die land hou, naamlik die Reserwebank, die handelsbanke en die ander banke wat gemagtigde valutahandelaars is. Dit beteken dat 'n verandering in die offisiële goud- en buitelandse valuta-reserwes, *ceteris paribus*, normaalweg neig om saam te gaan met 'n soortgelyke verandering in geld en kwasi-geld.

Ontleding van „oorsake“ van veranderings in geld en kwasi-geld

Uit dit alles volg dat 'n ontleding van veranderings in

die gekonsolideerde bates en laste van die monetêre banksektor tussen twee datums 'n aanduiding sal gee van die „oorsake“ (in rekeningkundige sin) van enige verandering in die totale geld en kwasi-geld gedurende hierdie tydperk. Dit is so omdat die verandering in totale geld- en kwasi-geldverpligtings gelyk moet wees aan die verandering in bates en die verandering (met 'n omgekeerde algebraïese teken) in daardie verpligtings wat nie by geld en kwasi-geld ingesluit is nie. Dr. van Staden se artikel verduidelik hierdie sy van die saak in meer besonderhede en toon aan hoe verandering in totale geld en kwasi-geld „veroorsaak“ kan word deur faktore soos verandering in goud- en buitelandse valutareserwes, verandering in die eise van die banksektor teen die private en regeringsektore en verandering in regeringsdeposito's by die banksektor.

Alhoewel hierdie „oorsake“ natuurlik slegs „rekeningkundige“ of „statistiese“ oorsake is en verdere ontleding vereis om werklike oorsaak en gevolg te bepaal, kan die inligting wat deur hierdie tipe ontleding verskaf word van aansienlike waarde vir die monetêre owerheid in die formulering van 'n toepaslike monetêre beleid wees. Indien die voorraad geld en kwasi-geld byvoorbeeld aanmerklik sou styg in verhouding tot die bruto binnelandse produk of besteding, kan dit 'n groot verskil aan beleid maak of dit die netto resultaat van 'n oorskot op die betalingsbalans en 'n afname in bankkrediet, of van 'n toename in bankkrediet en 'n tekort op die betalingsbalans is.

Redes vir uitbreiding van omvang van monetêre banksektor

Indien 'n monetêre ontleding van bogenoemde aard egter onder huidige omstandighede werklik van nut moet wees, moet die monetêre banksektor breed gedefinieer word om *alle* bankinstellings in te sluit wat in staat is om die voorraad geld en kwasi-geld noemenswaardig te vergroot deur uitbreiding van hul krediet. Soos vroeër gemeld, sou dit twintig jaar gelede voldoende gewees het om slegs die Reserwebank en die handelsbanke in te sluit. Vandag egter is hierdie instellings geensins die enigste wat geld en kwasi-geld kan skep en op dié wyse kan help om bykomende investering en verbruiksbesteding te finansier nie. Ander bankinstellings soos aksepbanke, diskontohuise, en sekere huurkoop- en algemene banke, besit ook hierdie vermoë, d.w.s. hulle het ook „monetêre betekenis“ in hierdie sin.

Dit spruit voort uit die feit dat 'n groot gedeelte van die deposito's wat by hierdie ander instellings gehou word vandag as geld of kwasi-geld in die hande van die private sektor dien. Die geldagtigheid („money-ness“) van hierdie deposito's word weer hoofsaaklik aangedui deur hul likwiditeit en hoë omloopsnelheid en die feit dat baie van hulle deur maatskappye en

ander vorms van sake-ondernemings gehou word. Dit is ook betekenisvol dat sommige van hierdie instellings direkte toegang tot Reserwebankkrediet het, terwyl ander indirek van Reserwebankkrediet gebruik kan maak, deur van 'n instelling te leen wat in 'n posisie is om finansiële akkommodasie van die Bank te verkry.

Tesame met die Reserwebank en die handelsbanke vorm hierdie ander monetêre banke derhalwe 'n sektor wat, gegewe die nodige kontantreserwes, onder sekere omstandighede geld en kwasi-geld op groot skaal kan skep en daardeur inflasionistiese oorbesteding op 'n besonder gevaarlike wyse in die hand kan werk. Dit is waarskynlik waar dat die „kredietvermenigvuldiger“ van hierdie ander monetêre banke as 'n afsonderlike groep aansienlik laer as dié van die handelsbanke self is, gedeeltelik omdat die handelsbanke na verhouding meer korttermyndeposito's as die meeste van hierdie ander instellings het, maar gedeeltelik ook omdat tjekdeposito's by handelsbanke per slot van rekening meer van die eienskappe van geld besit as die korttermyndepositoverpligtings van hierdie ander instellings, sodat die „terugvloeiing“ in die geval van die handelsbanke groter en meer outomaties is. Hierdie verskil is egter een van graad eerder as van beginsel en regverdig nie die uitsluiting van die ander monetêre banke uit die banksektor nie.

As die banksektor te eng gedefinieer word, d.w.s. as instellings soos aksepbanke, diskontohuise en daardie huurkoop- en algemene banke wat op 'n betreklik groot skaal met kort- en middeltermyndeposito's werk, daarvan uitgesluit word, wat onder andere sal beteken dat daar nie van hulle verwag sal word om minimum-kontantsaldo's by die sentrale bank te hou nie, sal die mate waarin inflasionistiese finansiering buite hierdie beperkte banksektor kan plaasvind, aansienlik vergroot word. Indien, byvoorbeeld, fondse wat vroeër in die vorm van deposito's by handelsbanke gehou is en nog aan die begeerte van die houer om likwied te wees moet voldoen, na hierdie instellings verskuif word, moontlik as gevolg van aantrekliker rentekoerse, sal dit 'n toename beteken in die deposito's en kontantsaldo's van laasgenoemde en derhalwe in hul vermoë om krediet te verleen, sonder noodwendig 'n ooreenstemmende afname in die kredietskeppende vermoë van die handelsbanke.⁶ Fondse kan natuurlik ook na werklike spaarinstellings verskuif word wat met reg buite die monetêre banksektor hoort. In die mate waartoe hierdie soort verskuiwing egter toenemende

⁶Die rede waarom die vermoë van die handelsbanke om krediet te verleen nie noodwendig deur so 'n verskuiwing van fondse verminder sal word nie, is dat 'n groot gedeelte van hierdie deposito's normaalweg feitlik onmiddellik weer na die handelsbankstelsel terugkeer, aangesien die meerderheid van bankinstellings buite die banksektor, asook meeste mense aan wie hulle fondse uitbetaal, by handelsbanke bank. In die normale gang van sake kan die kontantreserwes van die handelsbanke as 'n groep, en gevolglik hul vermoë om geld en kwasi-geld te skep, derhalwe slegs verminder word deur verskuiwings van deposito's na ander finansiële instellings

lopende besparing verteenwoordig, is dit onwaarskynlik dat dit 'n betekenisvolle inflasionistiese uitwerking sal hê. En in die mate waartoe dit nie uit 'n toename in besparing voortvloei nie, sal dit waarskynlik minder voorkom as oordragte van geld of kwasi-geld vanaf handelsbanke na daardie ander bankinstellings wat wel by die monetêre banksektor ingesluit moet word.

Maatstaf vir insluiting in banksektor

Die grootste probleem wat teengekom is toe besluit moes word op die geskikste maatstaf vir die insluiting van instellings in die monetêre banksektor, was die feit dat baie van die bankinstellings, insluitende die handelsbanke, met 'n verskeidenheid van kort-, middel- en langtermyndeposito's werk, waarvan baie nie as geld of nabye plaasvervangers vir geld dien nie maar deur die eienaars as belegde besparings gehou word en kragtens die nuwe Bankwet nie voor vervaldatum onttrek kan word nie. Met ander woorde, baie bankinstellings kombineer onder een dak die funksie van geld- en kwasi-geldskepping met dié van blote bemiddeling tussen spaarders en leners. Wat die een gedeelte van hul werksaamhede betref, is dit 'n geval van „bates wat verpligtings skep”, maar vir die res is dit meer 'n geval van „verpligtings wat bates skep”, d.w.s. hulle moet eers deposito's of ander middele verwerf voordat hulle lenings kan toestaan of beleggings kan maak.

Dit beteken dat die banksektor hopeloos te klein sou wees indien dit slegs bankinstellings sou insluit wat *uitsluitlik* kort- en middeltermyndeposito's neem, en veels te groot indien dit alle instellings sou insluit wat, benewens hulle ander besigheid, toevallig ook klein bedrae kort- en middeltermyndeposito's neem.

'n Enigsins arbitrêre maatstaf was derhalwe onvermydelik, en na aansienlike statistiese navorsing is besluit, soos reeds vroeër vermeld, dat slegs daardie instellings ingesluit sou word wat *onmiddellik opeisbare* depositoverpligtings van minstens R1 miljoen het en waarvan die kort- en middeltermyndepositoverpligtings minstens een-derde van hul totale depositoverpligtings of minstens R30 miljoen bedra. In Suid-Afrikaanse omstandighede skyn dit asof hierdie maatstaf die mees betekenisvolle dekking van die monetêre banksektor bied.

indien sodanige verskuiwings op een of ander wyse gepaard gaan met 'n verslegting in die betalingsbalans of 'n netto afname in Reserwebankkrediet, d.w.s. nadat voorsiening vir veranderinge in regerings- en ander deposito's by die Reserwebank gemaak is.

Dit beteken nie dat handelsbanke nie nadelig deur die mededinging van ander bankinstellings getref kan word nie. Juis omdat verskuiwings van deposito's vanaf handelsbanke na hierdie ander bankinstellings bykomende besteding kan vergemaklik, kan sulke verskuiwings tot 'n verslegting in die betalingsbalans en/of 'n beperking van netto Reserwebankkrediet lei (of 'n kleiner toename daarin as wat andersins die geval sou gewees het), en op dié wyse die kontantreserwes en kredietskeppende vermoë van die handelsbanke nadelig beïnvloed. Sien ook *Verslag van die Tegniëse Komitee oor Bank- en Bouverenigingwetgewing*, R.P. 50/1964, paragrawe 30–32.

Behandeling van langtermyndeposito's by monetêre banke

Die besluit om die monetêre banksektor op bostaande wyse te definieer moet in verband gesien word nie alleen met die besluit om die definisie van kwasi-geld te beperk tot kort- en middeltermyndeposito's (uitgesonderd onmiddellik opeisbare deposito's) by die banksektor nie, maar ook met 'n ander aanverwante besluit, naamlik die besluit om veranderinge in langtermyndeposito's as 'n onafhanklike oorsaak van veranderinge in geld en kwasi-geld te behandel. Dit is gedoen omdat gevoel is dat veranderinge in hierdie langtermyndeposito's, net soos veranderinge in langtermyndeposito's by bouverenigings en ander spaartussengangers, neig om hoofsaaklik verband te hou met veranderinge in beplande (*ex-ante*) besparing en nie in die eerste plek „veroorzaak” word deur veranderinge in bankkrediet, veranderinge in goud- en buitelandse valuta-reserwes, ens. nie. Om hierdie rede gaan sommige ekonome van sentrale banke sover as om enige verandering in langtermyndeposito's af te trek van veranderinge in eise teen die private sektor, wat die implikasie inhou dat slegs die *netto* verandering in hierdie eise as 'n oorsaak van enige verandering in totale geld en kwasi-geld beskou kan word. Die insluiting van langtermyndeposito's by kwasi-geld in die bostaande tipe ontleding sou dus geneig het om die mate waarin die banksektor sy eie deposito's kan skep, te oorbeklemtoon, en sou die verskil tussen monetêre bankinstellings en ander finansiële instellings oordryf het.

Bouverenigings binne of buite die banksektor?

Ernstige oorweging is geskenk aan die vraag of bouverenigings nie ook by die monetêre banksektor ingesluit moet word nie, maar uiteindelik is besluit om hulle uit te laat. Dit is waar dat bouverenigings in Suid-Afrika 'n paar jaar gelede, anders as hul teenhangers in die meeste ander lande, in toenemende mate geneig het om sekere funksies van monetêre banke te verrig, en dat sommige van hul depositoverpligtings as nabye plaasvervangers vir geld begin dien het.⁷ Indien hulle baie verder in hierdie rigting ontwikkel het, sou hulle waarskynlik eerlank vir insluiting by die monetêre banksektor gekwalifiseer het, wat sou beteken het dat hulle aan strengere finansiële vereistes as tans sou moes voldoen. Dit is egter een van die vernaamste oogmerke van die nuwe Bouverenigingwet om die ware karakter van bouverenigings as spaartussengangers te bewaar en om te voorkom dat hulle kwasi-banke met 'n aansienlike inflasiepotensiaal word, en

⁷Sien *Verslag van die Tegniëse Komitee oor Bank- en Bouverenigingwetgewing*, bl. 18–19.

die gekonsolideerde bates en laste van die monetêre banksektor tussen twee datums 'n aanduiding sal gee van die „oorsake” (in rekeningkundige sin) van enige verandering in die totale geld en kwasi-geld gedurende hierdie tydperk. Dit is so omdat die verandering in totale geld- en kwasi-geldverpligtings gelyk moet wees aan die verandering in bates en die verandering (met 'n omgekeerde algebraïese teken) in daardie verpligtings wat nie by geld en kwasi-geld ingesluit is nie. Dr. van Staden se artikel verduidelik hierdie sy van die saak in meer besonderhede en toon aan hoe verandering in totale geld en kwasi-geld „veroorsaak” kan word deur faktore soos verandering in goud- en buitelandse valutareserwes, verandering in die eise van die banksektor teen die private en regeringsektore en verandering in regeringsdeposito's by die banksektor.

Alhoewel hierdie „oorsake” natuurlik slegs „rekeningkundige” of „statistiese” oorsake is en verdere ontleding vereis om werklike oorsaak en gevolg te bepaal, kan die inligting wat deur hierdie tipe ontleding verskaf word van aansienlike waarde vir die monetêre owerheid in die formulering van 'n toepaslike monetêre beleid wees. Indien die voorraad geld en kwasi-geld byvoorbeeld aanmerklik sou styg in verhouding tot die bruto binnelandse produk of besteding, kan dit 'n groot verskil aan beleid maak of dit die netto resultaat van 'n oorskot op die betalingsbalans en 'n afname in bankkrediet, of van 'n toename in bankkrediet en 'n tekort op die betalingsbalans is.

Redes vir uitbreiding van omvang van monetêre banksektor

Indien 'n monetêre ontleding van bogenoemde aard egter onder huidige omstandighede werklik van nut moet wees, moet die monetêre banksektor breed gedefinieer word om *alle* bankinstellings in te sluit wat in staat is om die voorraad geld en kwasi-geld noemenswaardig te vergroot deur uitbreiding van hul krediet. Soos vroeër gemeld, sou dit twintig jaar gelede voldoende gewees het om slegs die Reserwebank en die handelsbanke in te sluit. Vandag egter is hierdie instellings geensins die enigste wat geld en kwasi-geld kan skep en op dié wyse kan help om bykomende investering en verbruiksbesteding te finansier nie. Ander bankinstellings soos aksepbanke, diskontohuise, en sekere huurkoop- en algemene banke, besit ook hierdie vermoë, d.w.s. hulle het ook „monetêre betekenis” in hierdie sin.

Dit spruit voort uit die feit dat 'n groot gedeelte van die deposito's wat by hierdie ander instellings gehou word vandag as geld of kwasi-geld in die hande van die private sektor dien. Die geldagtigheid („money-ness”) van hierdie deposito's word weer hoofsaaklik aangedui deur hul likwiditeit en hoë omloopsnelheid en die feit dat baie van hulle deur maatskappye en

ander vorms van sake-ondernemings gehou word. Dit is ook betekenisvol dat sommige van hierdie instellings direkte toegang tot Reserwebankkrediet het, terwyl ander indirek van Reserwebankkrediet gebruik kan maak, deur van 'n instelling te leen wat in 'n posisie is om finansiële akkommodasie van die Bank te verkry.

Tesame met die Reserwebank en die handelsbanke vorm hierdie ander monetêre banke derhalwe 'n sektor wat, gegewe die nodige kontantreserwes, onder sekere omstandighede geld en kwasi-geld op groot skaal kan skep en daardeur inflasionistiese oorbesteding op 'n besonder gevaarlike wyse in die hand kan werk. Dit is waarskynlik waar dat die „kredietvermenigvuldiger” van hierdie ander monetêre banke as 'n afsonderlike groep aansienlik laer as dié van die handelsbanke self is, gedeeltelik omdat die handelsbanke na verhouding meer korttermyndeposito's as die meeste van hierdie ander instellings het, maar gedeeltelik ook omdat tjekdeposito's by handelsbanke per slot van rekening meer van die eienskappe van geld besit as die korttermyndepositoverpligtings van hierdie ander instellings, sodat die „terugvloeiing” in die geval van die handelsbanke groter en meer outomaties is. Hierdie verskil is egter een van graad eerder as van beginsel en regverdig nie die uitsluiting van die ander monetêre banke uit die banksektor nie.

As die banksektor te eng gedefinieer word, d.w.s. as instellings soos aksepbanke, diskontohuise en daardie huurkoop- en algemene banke wat op 'n betreklik groot skaal met kort- en middeltermyndeposito's werk, daarvan uitgesluit word, wat onder andere sal beteken dat daar nie van hulle verwag sal word om minimum-kontantsaldo's by die sentrale bank te hou nie, sal die mate waarin inflasionistiese finansiering buite hierdie beperkte banksektor kan plaasvind, aansienlik vergroot word. Indien, byvoorbeeld, fondse wat vroeër in die vorm van deposito's by handelsbanke gehou is en nog aan die begeerte van die houer om likwied te wees moet voldoen, na hierdie instellings verskuif word, moontlik as gevolg van aantrekliker rentekoerse, sal dit 'n toename beteken in die deposito's en kontantsaldo's van laasgenoemde en derhalwe in hul vermoë om krediet te verleen, sonder noodwendig 'n ooreenstemmende afname in die kredietskeppende vermoë van die handelsbanke.⁶ Fondse kan natuurlik ook na werklike spaarinstellings verskuif word wat met reg buite die monetêre banksektor hoort. In die mate waartoe hierdie soort verskuiwing egter toenemende

⁶Die rede waarom die vermoë van die handelsbanke om krediet te verleen nie noodwendig deur so 'n verskuiwing van fondse verminder sal word nie, is dat 'n groot gedeelte van hierdie deposito's normaalweg feitlik onmiddellik weer na die handelsbankstelsel terugkeer, aangesien die meerderheid van bankinstellings buite die banksektor, asook meeste mense aan wie hulle fondse uitbetaal, by handelsbanke bank. In die normale gang van sake kan die kontantreserwes van die handelsbanke as 'n groep, en gevolglik hul vermoë om geld en kwasi-geld te skep, derhalwe slegs verminder word deur verskuiwings van deposito's na ander finansiële instellings

lopende besparing verteenwoordig, is dit onwaarskynlik dat dit 'n betekenisvolle inflasionistiese uitwerking sal hê. En in die mate waartoe dit nie uit 'n toename in besparing voortvloei nie, sal dit waarskynlik minder voorkom as oordragte van geld of kwasi-geld vanaf handelsbanke na daardie ander bankinstellings wat wel by die monetêre banksektor ingesluit moet word.

Maatstaf vir insluiting in banksektor

Die grootste probleem wat teengekom is toe besluit moes word op die geskikste maatstaf vir die insluiting van instellings in die monetêre banksektor, was die feit dat baie van die bankinstellings, insluitende die handelsbanke, met 'n verskeidenheid van kort-, middel- en langtermyndeposito's werk, waarvan baie nie as geld of nabye plaasvervangers vir geld dien nie maar deur die eienaars as belegde besparings gehou word en kragtens die nuwe Bankwet nie voor vervaldatum onttrek kan word nie. Met ander woorde, baie bankinstellings kombineer onder een dak die funksie van geld- en kwasi-geldskepping met dié van blote bemiddeling tussen spaarders en leners. Wat die een gedeelte van hul werksaamhede betref, is dit 'n geval van „bates wat verpligtings skep”, maar vir die res is dit meer 'n geval van „verpligtings wat bates skep”, d.w.s. hulle moet eers deposito's of ander middele verwerf voordat hulle lenings kan toestaan of beleggings kan maak.

Dit beteken dat die banksektor hopeloos te klein sou wees indien dit slegs bankinstellings sou insluit wat *uitsluitlik* kort- en middeltermyndeposito's neem, en veels te groot indien dit alle instellings sou insluit wat, benewens hulle ander besigheid, toevallig ook klein bedrae kort- en middeltermyndeposito's neem.

'n Enigsins arbitrêre maatstaf was derhalwe onvermydelik, en na aansienlike statistiese navorsing is besluit, soos reeds vroeër vermeld, dat slegs daardie instellings ingesluit sou word wat *onmiddellik opeisbare* depositoverpligtings van minstens R1 miljoen het en waarvan die kort- en middeltermyndepositoverpligtings minstens een-derde van hul totale deposito-verpligtings of minstens R30 miljoen bedra. In Suid-Afrikaanse omstandighede skyn dit asof hierdie maatstaf die mees betekenisvolle dekking van die monetêre banksektor bied.

indien sodanige verskuiwings op een of ander wyse gepaard gaan met 'n verslegting in die betalingsbalans of 'n netto afname in Reserwebankkrediet, d.w.s. nadat voorsiening vir veranderinge in regerings- en ander deposito's by die Reserwebank gemaak is.

Dit beteken nie dat handelsbanke nie nadelig deur die mededinging van ander bankinstellings getref kan word nie. Juis omdat verskuiwings van deposito's vanaf handelsbanke na hierdie ander bankinstellings bykomende besteding kan vergemaklik, kan sulke verskuiwings tot 'n verslegting in die betalingsbalans en/of 'n beperking van netto Reserwebankkrediet lei (of 'n kleiner toename daarin as wat andersins die geval sou gewees het), en op dié wyse die kontantreserwes en kredietskeppende vermoë van die handelsbanke nadelig beïnvloed. Sien ook *Verslag van die Tegniëse Komitee oor Bank- en Bouverenigingwetgewing*, R.P. 50/1964, paragrafe 30–32.

Behandeling van langtermyndeposito's by monetêre banke

Die besluit om die monetêre banksektor op bostaande wyse te definieer moet in verband gesien word nie alleen met die besluit om die definisie van kwasi-geld te beperk tot kort- en middeltermyndeposito's (uitgesonderd onmiddellik opeisbare deposito's) by die banksektor nie, maar ook met 'n ander aanverwante besluit, naamlik die besluit om veranderinge in langtermyndeposito's as 'n onafhanklike oorsaak van veranderinge in geld en kwasi-geld te behandel. Dit is gedoen omdat gevoel is dat veranderinge in hierdie langtermyndeposito's, net soos veranderinge in langtermyndeposito's by bouverenigings en ander spaartussengangers, neig om hoofsaaklik verband te hou met veranderinge in beplande (*ex-ante*) besparing en nie in die eerste plek „veroorzaak” word deur veranderinge in bankkrediet, veranderinge in goud- en buitelandse valuta-reserwes, ens. nie. Om hierdie rede gaan sommige ekonome van sentrale banke sover as om enige verandering in langtermyndeposito's af te trek van veranderinge in eise teen die private sektor, wat die implikasie inhou dat slegs die *netto* verandering in hierdie eise as 'n oorsaak van enige verandering in totale geld en kwasi-geld beskou kan word. Die insluiting van langtermyndeposito's by kwasi-geld in die bostaande tipe ontleding sou dus geneig het om die mate waarin die banksektor sy eie deposito's kan skep, te oorbeklemtoon, en sou die verskil tussen monetêre bankinstellings en ander finansiële instellings oordryf het.

Bouverenigings binne of buite die banksektor?

Ernstige oorweging is geskenk aan die vraag of bouverenigings nie ook by die monetêre banksektor ingesluit moet word nie, maar uiteindelik is besluit om hulle uit te laat. Dit is waar dat bouverenigings in Suid-Afrika 'n paar jaar gelede, anders as hul teenhangers in die meeste ander lande, in toenemende mate geneig het om sekere funksies van monetêre banke te verrig, en dat sommige van hul depositoverpligtings as nabye plaasvervangers vir geld begin dien het.⁷ Indien hulle baie verder in hierdie rigting ontwikkel het, sou hulle waarskynlik eerlank vir insluiting by die monetêre banksektor gekwalifiseer het, wat sou beteken het dat hulle aan strengere finansiële vereistes as tans sou moes voldoen. Dit is egter een van die vernaamste oogmerke van die nuwe Bouverenigingwet om die ware karakter van bouverenigings as spaartussengangers te bewaar en om te voorkom dat hulle kwasi-banke met 'n aansienlike inflasiepotensiaal word, en

⁷Sien *Verslag van die Tegniëse Komitee oor Bank- en Bouverenigingwetgewing*, bl. 18–19.

aangesien daar aanduidings is dat hierdie oogmerk bereik word, is dit waarskynlik beter dat bouverenigings van die banksektor uitgesluit word. Dr. van Staden keer na hierdie punt in sy artikel terug, en mnr. Meijer skenk aandag aan die likwiditeit van deposito's by bouverenigings.

Belangrikheid van geld en kwasi-geld

Die belangrikheid wat in hierdie artikel aan geld, kwasi-geld en die bedrywighede van die monetêre banksektor geheg word, impliseer nie die aanvaarding van die „kwantiteitsteorie van geld“ in sy ruwe vorm, d.w.s. van enige eenvoudige, regstreekse verwantskap tussen veranderinge in die voorraad geld en kwasi-geld enersyds, en veranderinge in pryse en inkome andersyds, nie. In ooreenstemming met die meeste moderne monetêre teorieë word slegs aanvaar dat die voorraad geld en kwasi-geld 'n belangrike faktor is wat werklike investering en verbruiksbesteding, en gevolglik die bruto binnelandse produk, pryse en algemene ekonomiese aktiwiteit, beïnvloed. Die omloopsnelheid van geld en kwasi-geld mag betekenisvolle skommelings toon, maar die *hoeveelheid* geld en kwasi-geld bly belangrik. Onder sekere omstandighede mag 'n toename in geld en kwasi-geld nie alleen 'n noodsaaklike voorwaarde vir 'n verdere toename in totale investering en verbruik wees nie, maar veranderinge in die voorraad geld en kwasi-geld mag deur hul invloed op rentekoerse, die beskikbaarheid van krediet en die verbruiksgeneigdheid, sowel as op ander maniere, 'n belangrike stimulerende of beperkende invloed op die volkshuishouding uitoefen.

Belangrikheid van ander likwiede bates en ander finansiële instellings

Die klem wat hier geplaas word op die bruikbaarheid van die tipe monetêre ontleding onder bespreking, beteken nie dat ander vorms van likwiede bates in die hande van die private sektor nie belangrik geag word nie of dat finansiële instellings buite die monetêre banksektor nie in staat geag word om enige betekenisvolle bydrae tot inflasie of ander finansiële verstourings te maak nie. Inteendeel, dit word ten volle aanvaar dat hierdie ander likwiede bates en ander finansiële instellings 'n belangrike invloed op die omloopsnelheid van geld en kwasi-geld kan uitoefen en gevolglik op totale kapitaal- en verbruiksbesteding, soos ook in mnr. Meijer se artikel aangetoon word. Om die redes vroeër genoem, word dit nietemin analities nuttig geag om tussen die monetêre banksektor en ander finansiële instellings te onderskei.

Slotsom

Een van die vernaamste ontwikkelings op die gebied van die geld- en bankwese gedurende die afgelope dekade was die toenemende belangstelling wat deur

sowel monetêre ekonome as sentrale bankiers in die bedrywighede van ander finansiële instellings as handels- of tjekdepositobanke getoon is. In hierdie opsig wil dit voorkom asof die pendule van die een uiterste na die ander geswaai het. Voorheen is geneig om die spesiale posisie van die handelsbanke as geldskeppende instellings wat inflasie kan veroorsaak of bevorder, te oorbeklemtoon, en die potensiele inflasionistiese invloed van ander bank- en finansiële instellings te onderskat. Tans weer gaan sommige waarnemers sover as om te beweer dat daar weinig, indien enige, grondliggende verskil tussen die potensiele destabiliserende invloed van handelsbanke en dié van ander finansiële instellings is en dat, indien handelsbanke vanuit die oogpunt van ekonomiese stabiliteit belangrik is, dit nie is omdat hulle geldskeppers is nie maar omdat hulle groot strategiese uitleners in die mark is.

Die standpunt wat in hierdie artikel ingeneem word, is dat indien die monetêre banksektor breed genoeg gedefinieer word om alle bankinstellings in te sluit wat as bewaarplekke van die geld en kwasi-geld van die private sektor dien en wat as 'n groep geld en kwasi-geld kan skep, dan kan die meer ortodokse siening dat die monetêre banksektor in 'n fundamentele sin van die ander finansiële instellings verskil, nog onderskryf word. Die konvensionele benadering hoef nie verwerp te word nie. Dit hoef slegs gemoderniseer en aangepas te word om die bestaan van kwasi-geld en kwasi-handelsbanke in berekening te bring. Dan verteenwoordig dit heelwaarskynlik nog die bruikbaarste en mees praktiese wyse om monetêre en finansiële toestande te ontleed met die oog op die formulering van toepaslike monetêre en fiskale beleid.

Indien hierdie tipe monetêre ontleding egter die vereiste resultate moet lewer, is dit belangrik dat *alle* monetêre bankinstellings en nie net die sentrale bank en handelsbanke nie, in die banksektor ingesluit moet word. 'n Onnodig eng definisie van die monetêre banksektor doen ernstig afbreuk aan die waarde van die meer konvensionele benadering en ook aan die bruikbaarheid van die begrip geld self. Dit laat te veel oor om verduidelik te word in terme van veranderinge in die omloopsnelheid van geld. Om hierdie rede verskaf dit water op die meul van diegene wat wil wegdoen met die idee dat dit belangrik is om 'n onderskeid te tref tussen geldskeppende bankinstellings en ander finansiële instellings, en wat verkies om te werk met begrippe soos die „likwiditeitstoestand van die hele volkshuishouding“ in die sin van „die gemak of moeilikheid wat deur besteders ondervind word in hul pogings om geld vir doeleindes van besteding aan goedere en dienste te bekom“.⁸

Indien die monetêre banksektor egter 'n voldoende

⁸Sien, byvoorbeeld, die *Report of the Committee on the Working of the Monetary System* (Radcliffe Report), bl. 132–133 en 337.

dekking het en veranderinge in sowel kwasi-geld as geld in aanmerking geneem word, kan 'n formele monetêre ontleding van die tipe onder bespreking die monetêre owerhede van uiters bruikbare inligting voorsien waarop hul stabilisasiebeleid gebaseer kan word. En indien die geld- en kwasi-geldskeppings-bedrywighede van die monetêre bankinstellings, insluitende die Reserwebank, redelik beheer kan word deur middel van die tradisionele metodes soos rentekoersveranderinge, ope-marktransaksies, veranderlike kontantreserwe- of likwiditeitsvereistes, ens.,

terwyl die regering terselfdertyd sowel sy lopende as sy kapitaaluitgawes op 'n nie-inflasionistiese wyse finansier, dan sal 'n belangrike bydrae tot prysstabiliteit en ewewig in die betalingsbalans gemaak wees. Onder sulke omstandighede behoort die inflasionistiese invloed van finansiële instellings buite die banksektor en van ander faktore wat korttermyn-toenames in die omloopsnelheid van geld en kwasi-geld teweegbring, in die normale gang van sake nie onhanteerbare probleme vir die monetêre owerhede daar te stel nie.

'n Nuwe monetêre ontleding vir Suid-Afrika

deur B. van Staden

Inleiding

Die belangrike rol wat geld en kwasi-geld in die werking van 'n vrye mark volkshuishouding speel, en die betekenis daarvan om veranderinge in geld en kwasi-geld te ontleed deur 'n monetêre banksektor te onderskei van ander bank- en finansiële instellings, is in die voorgaande artikel bespreek. Soos uiteengesit, bestaan die monetêre banksektor nie slegs uit dié instellings wat die goud- en buitelandse valuta-reserwes van die land hou nie, maar ook uit dié gekenmerk deur hul basiese eienskap as skeppers van geld en kwasi-geld deur die verlening van bankkrediet. Hierdie besondere vermoë om die totale voorraad geld en kwasi-geld deur kredietverlening te verhoog, spruit daaruit voort dat leners die geleende fondse weer by die monetêre banksektor herdeponeer, d.w.s. daar is 'n terugvloeiing van fondse na die monetêre banksektor. Dit is derhalwe die feit dat die verpligtings van die monetêre banksektor die geld en kwasi-geld van die private nie-banksektor insluit, wat dit uiteindelik van alle ander bank- en finansiële instellings onderskei. Hierdie wedersydse afhanklikheid tussen die begrippe geld en kwasi-geld en die monetêre banksektor moet in die bespreking wat volg in gedagte gehou word.

Hierdie artikel sal meer spesifiek dié items bespreek wat betekenisvol in geld en kwasi-geld ingesluit kan word in 'n ontleding van oorsake van veranderinge daarin, soos verkry uit die gekonsolideerde bates en laste¹ van die monetêre banksektor. Nadat hierdie ontleding ter illustrasie op Suid-Afrikaanse gegewens toegepas is, sal ook na ander tipes monetêre en finansiële ontledings soos die ontleding van die likwiede bates van bankinstellings en die breë finansiële vloei-ontleding, verwys word.

Suid-Afrika se finansiële struktuur het merkwaardig gedurende die na-oorlogse periode ontwikkel, veral op die gebied van die bankwese. Verskeie nuwe soorte instellings is gestig terwyl die bestaandes nuwe terreine van werksaamhede betree het. Van tyd tot tyd het hierdie veranderinge wysigings tot die bank- en bouverenigingwetgewing in Suid-Afrika genoodsaak. Toestande het egter so radikaal gedurende die vyftiger-

jare verander dat die Minister van Finansies 'n Teg-niese Komitee aangestel het om die bank- en bouverenigingwetgewing te ondersoek en feitlik al sy aanbevelings is in 1964 op die Wetboek geplaas.

Die wysigings aan die Bankwet van 1942, soos gekonsolideer in die nuwe Bankwet van 1965, het 'n fundamentele verandering in die benadering tot geld- en bankwese in Suid-Afrika ingelui. Kragtens die Bankwet van 1942 is bankinstellings as afsonderlike institusionele groepe beskou, elk met sy eie wetlike vereistes. Handelsbanke, omskryf as persone wat die bedryf uitoefen waarvan die neem van deposito's opvraagbaar deur middel van tjeks 'n belangrike deel uitmaak, is beskou as die enigste institusionele groep banke met monetêre betekenis waartoe die Reserwebank sy monetêre beleidsmaatreëls moes rig. Daarenteen is, volgens die nuwe Bankwet van 1965, alle bankinstellings, met uitsondering van die gespesialiseerde diskontohuise, onderhewig aan dieselfde wetlike vereistes en het die termyn van die deposito's die hoofbasis geword vir die wetlike vereistes en vir die beoordeling van die monetêre betekenis van 'n besondere bankinstelling ongeag of dit amptelik bekend is as 'n handelsbank, 'n aksepbank, 'n huurkoopbank, 'n spaarbank of 'n algemene bank. Die verskille tussen kort-, middel- en langtermyndeposito's is duideliker in die nuwe Wet vasgestel deur die invoering van sekere beperkings op die terugbetaling van deposito's wat nie onmiddellik opeisbaar is nie.

Hierdie wetlike veranderinge, wat noodsaaklik geblyk het weens die veranderde aktiwiteite en toestande wat in ons geld- en bankstruktuur ontwikkel het, het 'n herondersoek van die begrippe geld en kwasi-geld en die afbakening van die monetêre banksektor in Suid-Afrika genoodsaak.²

Die omskrywing van geld en kwasi-geld en die afbakening van die banksektor

Hoewel daar ooreenstemming bestaan dat geld as 'n algemeen aanvaarbare ruil- of betaalmiddel wat ook dien as 'n rekeneenheid omskryf kan word, is hierdie maatstawwe statisties moeilik bepaalbaar met die

¹d.w.s. die totaal van alle bates en laste van instellings wat in die monetêre banksektor ingesluit is, ná uitskakeling van die eise van die betrokke instellings onderling.

²Vir 'n bespreking van die begrippe geld, kwasi-geld en banksektor in gebruik voor die nuwe Bankwet, sien B. van Staden: 'n Monetêre Analise vir Suid-Afrika *Statistiese Kwartaalblad* van die Reserwebank, nr. 67, Maart 1963.

gevolg dat die komponente wat die geldvoorraad uitmaak baie tussen lande verskil.

Kwasi-geld het vandag ook geen standaardomskrywing in die wêreld nie. Dit kan egter omskryf word as bates wat so 'n noue plaasvervanger vir geld is dat dit *en masse*, gerieflik, binne 'n kort tydsbestek en sonder risiko van noemenswaardige verlies te gelde gemaak kan word. Hierdie omskrywing van kwasi-geld is klaarblyklik vaag en sal in statistiese toepassing 'n subjektiewe en arbitrêre element bevat omdat dit glad nie duidelik is in welke mate dit *en masse*, hoe gemaklik, in hoe kort 'n tydsbestek en sonder hoeveel verlies dit in geld omgeset moet kan word om as kwasi-geld beskou te kan word nie. Dit beteken egter nie dat kwasi-geld 'n betekenislose begrip is nie. Aangesien die ekonomie nie 'n eksakte maar 'n sosiale wetenskap is, het die statistiese meting van meeste ekonomiese veranderlikes 'n subjektiewe element, maar hierdie veranderlikes is nogtans nuttig in ekonomiese ontleding en interpretasie.

Syfers ten opsigte van die komponente van geld en kwasi-geld by die monetêre banksektor in Suid-Afrika word hieronder verstrekk, gevolg deur 'n bespreking van elke afsonderlike komponent.

Geld en kwasi-geld by die banksektor in Suid-Afrika

31 Desember 1965

	R miljoen
(a) Geld	
(i) Note en munt in omloop	325
(ii) Onmiddellik opeisbare deposito's by die Reserwebank en handelsbanke	890
(iii) Daggeld by die Nasionale Finansie-korporasie en diskontohuise	99
(iv) Onmiddellik opeisbare deposito's by die Landbank	35
(v) Onmiddellik opeisbare deposito's by aksepanke en sekere ander monetêre bankinstellings	122
(vi) Totale geldvoorraad	1,471
(b) Kwasi-geld	
(i) Kort- en middeltermyn vaste-deposito's en deposito's onderhewig aan kennisgewing by handelsbanke, aksepanke, die Landbank en sekere ander monetêre bankinstellings	679
(ii) Spaardeposito's by monetêre bankinstellings	339
(iii) Totale kwasi-geld	1,018
Totale geld en kwasi-geld	2,489

(a) Geld

(i) Note en munt

Alle Suid-Afrikaanse banknote en munt in omloop, d.w.s. gehou buite die monetêre banksektor, is vanselfsprekend deel van Suid-Afrika se geld in omloop. Die banknote word gedruk en uitgereik deur die Reserwebank en verteenwoordig derhalwe 'n las op

die Bank se balansstaat. Vir hierdie en ander redes vorm die Reserwebank duidelik deel van die monetêre banksektor. Munte word deur die Suid-Afrikaanse Munt uitgereik maar die totale muntlaste van die Munt word ook in die laste en bates van die monetêre banksektor in berekening gebring.

(ii) Onmiddellik opeisbare deposito's by die handelsbanke en die Reserwebank

Hierdie deposito's is opvraagbaar deur middel van tjeks en word algemeen as 'n betaalmiddel aanvaar en kwalifiseer derhalwe as deel van die geldvoorraad. Sommige van hierdie deposito's moet egter by die omskrywing van geld uitgesluit word. Benewens die deposito's van die monetêre banksektorinstellings by mekaar, wat in die konsolidasie verdwyn, is daar verskeie redes om regerings- en buitelandse deposito's by die definisie van geld uit te sluit.

Ondanks die aanmerklike verskille in die omskrywing van geld wat deur verskillende lande gebruik word, skyn daar algemene ooreenstemming te bestaan oor die uitsluiting van sentrale regeringsdeposito's by die definisie van geld vir die volgende redes. Eerstens reik die sentrale regering in sommige lande die munt en ander betaalmiddels aan die publiek uit en het in hierdie verband dieselfde geldskeppende eienskappe as die monetêre banksektor. Tweedens word die sentrale regering, as die onafhanklike oppergesag van 'n land, deur motiewe gelei wat verskil van dié van private sake-ondernemings en individue, veral wat betref die hou van kontantsaldo's. Die regering het meer beweegruimte om sy deposito's te verander en is gewoonlik in staat om 'n feitlik onbeperkte hoeveelheid geld te bekom, veral van die sentrale bank, en die deposito's tot krediet van die regering beperk derhalwe nie sy beskikking oor geld nie. Wanneer die inkome van die regering tydelik sy uitgawes oorskry, bv. as gevolg van die seisoenspatroon in belastinginvordering, mag die regering verkies om hierdie fondse op deposito te hou. Bowendien kan die regering as 'n beleidsaangeleentheid sy kontantsaldo's opbou deur van die private sektor te leen ten einde fondse van hierdie sektor te onttrek. Deur regeringsdeposito's van die geldvoorraad uit te sluit, word hierdie onttrekking van geld vanaf private sake-ondernemings en individue duidelik in die monetêre ontleding getoon. 'n Verandering in regeringsdeposito's moet derhalwe as 'n belangrike onafhanklike „oorsaak“ van veranderings in die geldvoorraad van private sake-ondernemings en individue beskou word en as sulks in die monetêre ontleding getoon word. In hierdie verband moet ook in gedagte gehou word dat veranderings in regeringsdeposito's asook die leningsbedrywighede van die regering belangrike invloede op die likwiditeit van die banksektor uitoefen en derhalwe op die krediet-skeppende potensiaal van die monetêre stelsel. In Suid-Afrika, waar die provinsiale administrasies as

onderafdelings van die sentrale regering beskou kan word, word hul deposito's saam met dié van die sentrale regering by die omskrywing van geld uitgesluit, terwyl die deposito's van munisipaliteite en ander plaaslike owerhede ingesluit word.

Hoewel sommige buitelandse deposito's, soos trekings op die IMF gedeponeer by die Reserwebank, wat normaalweg nie vir betalings in Suid-Afrika gebruik sal word nie en dus duidelik nie deel van die geldvoorraad is nie, is daar grondige redes om ook alle ander buitelandse deposito's van die definisie van die geldvoorraad uit te sluit. Nie alleen is hierdie deposito's in Suid-Afrika betreklik klein en konstant nie, maar 'n aansienlike gedeelte daarvan bestaan tans uit geblokeerderanddeposito's wat slegs vir bepaalde doeleindes gebruik mag word. Daarbenewens word niks eintlik prysgegee deur hierdie deposito's van die geldvoorraad uit te sluit nie aangesien hulle as binnelandse deposito's sal verskyn sodra hulle vir betalings in Suid-Afrika gebruik word. Aangesien dieselfde argument vir ander deposito's geld, verwys die items wat hierbo gegee is na binnelandse geld en kwasi-geld, d.w.s. ná uitsluiting van deposito's gehou deur buitelanders.

Met regerings- en buitelandse deposito's van die definisie van geld uitgesluit, moet die onmiddellik opeisbare deposito's van die Reserwebank en die handelsbanke ook vir transito's („float") aangesuiwer word, d.w.s. posoorboekings en ander kreditte in transito, asook remises in transito. Regeringsdeposito's by die Reserwebank word deur die Bank se remises in transito minus posoorboekings verminder en in die geval van die handelsbanke word hul onmiddellik opeisbare deposito's met die helfte van die banke se remises minus kreditte in transito verlaag, terwyl hul voorskotte met dieselfde bedrag verhoog word.

(iii) Daggeld by die Nasionale Finansiële Korporasie en die diskontohuise

Afgesien van die Reserwebank en die handelsbanke wat geld kan skep en derhalwe deel van die monetêre banksektor vorm, ontvang die Nasionale Finansiële Korporasie en die diskontohuise nie alleen daggeld wat likwiede bates vir die houer verteenwoordig nie, maar is ook nou verbonde aan die Reserwebank en die handelsbanke. Die Nasionale Finansiële Korporasie en die diskontohuise spesialiseer in bedrywigheede wat as dienste aan die banksektor beskou kan word, soos die aanneem van surplus-kontant van die handels- en ander banke vir belegging in skatkis- en ander wissels. Die diskontohuise skep ook 'n mark vir skatkiswissels, bankaksepte en korttermynstaatseffekte.

Om suksesvol in die geldmark op te tree, benodig hierdie instellings herdiskonteringsfasiliteite by die Reserwebank sodat hulle in staat is om daggeld-deposito's te alle tye terug te betaal en 'n mark in skatkiswissels, bankaksepte en korttermynstaatseffekte te skep. Hierdie herdiskonteringsfasiliteite stel hulle in

werklikheid in staat om die Reserwebank te verplig om geld outomaties van dag tot dag te skep solank die kredietwaardigheid van die maatskappy wat die akkommodasie verlang en die aanvaarbaarheid van die wissels wat vir herdiskontoring aangebied word, die Reserwebank tevrede stel. Hul depositoverpligting is derhalwe nie alleen baie likwied vir die houer nie, maar verteenwoordig potensiële geldskepping deur die Reserwebank. Die likwiditeit van hierdie deposito's word verder uitgebeeld deur die feit dat die deposito's van banke by hierdie instellings as likwiede bates van die banke deur die owerhede beskou word.

Die redes vir die insluiting van die Nasionale Finansiële Korporasie by die monetêre banksektor word verder versterk deur die feit dat die Reserwebank die Nasionale Finansiële Korporasie administreer en dat laasgenoemde sy vrye kontantsaldo's by die Reserwebank hou.

Die deposito's by hierdie instellings is op aanvraag terugbetaalbaar en word deur die houer as betaal-middele beskou. Hoewel betaling slegs kan geskied na omsetting van hierdie deposito's in tjekdeposito's, vind hierdie proses sonder noemenswaardige vertraging plaas, d.w.s. op dieselfde dag. Die onttrekking van hierdie deposito's, wat in baie gevalle telefonies geskied, en die maak van betalings word gewoonlik in een proses gedoen deur die tjek van die diskontohuis of Nasionale Finansiële Korporasie op die bankrekening van die party aan wie die betaling gemaak word, te stort. Die houer van die deposito maak dus in werklikheid daarvan gebruik om betalings te maak hoewel dit die gebruik van die verrekeningstelsel van die handelsbanke vereis. Dit is egter slegs 'n tegniese reëling wat nie die likwiditeitseienskap van hierdie deposito's raak nie.

Dit wil derhalwe voorkom asof daggeld by die Nasionale Finansiële Korporasie en daglenings by die diskontohuise as „geld" gereken kan word en dat hierdie instellings betekenisvol by die monetêre banksektor ingesluit kan word.

(iv) Deposito's by die Landbank

Die Land- en Landboubank aanvaar deposito's, insluitende daggeld, hoofsaaklik van landboukoöperasies en -beheerrade en verkry verder aansienlike bedrae korttermynkrediet van die Reserwebank, die Nasionale Finansiële Korporasie en die handelsbanke deur die verdiskontoring van Landbankwissels en bankvoorskotte by die handelsbanke. Hierdie korttermynfondse word gebruik om die sogenaamde kas-kredietvoorskotte aan boere, landboukoöperasies en -beheerrade te verleen, hoofsaaklik om ooste seisoensgewyse te finansier. Hierdie aktiwiteite van die Landbank is derhalwe deel van die korttermynkrediet- of geldmark eerder as van die langtermynkapitaalmark.

Met sy kredietfasiliteite by die Reserwebank, die Nasionale Finansiële Korporasie en die handelsbanke,

kan die korttermyn-seisoenswerkzaamhede van die Landbank op dieselfde wyse as die Nasionale Finansiële korporasie en die diskontohuise tot die skepping van 'n bepaalde hoeveelheid geld deur die banksektor aanleiding gee. Aangesien die voorskotte wat deur die handelsbanke aan die Landbank verleen is bowendien wetlik as likwiede bates vir die handelsbanke beskou word, kan 'n juister beeld van bankkrediet slegs verkry word deur die korttermynaktiwiteite van die Landbank by die banksektor in te sluit. Vir doeleindes van die bepaling van die monetêre banksektor bestaan daar dus 'n groot mate van ooreenkoms tussen die korttermynwerkzaamhede van die Landbank,³ die Nasionale Finansiële korporasie en die diskontohuise, terwyl die onmiddellik opeisbare deposito's by die Landbank deur die landboukoöperasies en ander houer as betaalmiddele beskou word, net soos die daggeld by die Nasionale Finansiële korporasie en die diskontohuise, en sal derhalwe in die geldvoorraad ingesluit word.

(v) Onmiddellik opeisbare deposito's by aksepbanke en sekere ander monetêre bankinstellings

Inagnemende die funksionele benadering van die nuwe Bankwet waaronder die termyn van die deposito's (uitgesonderd spaardeposito's waar die tipe steeds belangrik is) die hoofbasis vir doeleindes van die wetlike vereistes geword het, wil dit voorkom of die verskil tussen tjek- en onmiddellik opeisbare deposito's nie so belangrik is as wat dit vantevore was nie. Soos hierbo aangetoon, kom dit voor of daar geringe verskille tussen tjekdeposito's en ander onmiddellik opeisbare deposito's is vanuit die oogpunt van die houer daarvan. Onmiddellik opeisbare deposito's by die Nasionale Finansiële korporasie, diskontohuise en die Landbank word dus as geld beskou. Dit kom dus logies voor om onmiddellik opeisbare deposito's by enige ander bankinstelling wat mag kwalifiseer vir insluiting in die monetêre banksektor, in te sluit as deel van die geldvoorraad.

'n Ondersoek na die bronne van fondse van alle bankinstellings bring egter aan die lig dat daar 'n hele aantal van hierdie instellings is wat ook betreklike klein bedrae onmiddellik opeisbare en ander kort- en middeltermyndeposito's vir die gerief van individuele kliënte aanneem, terwyl hulle in werklikheid spesialiseer in die aanneem van spaar- en langtermyndeposito's. Ten einde te voorkom dat daar van 'n aantal klein instellings of instellings met betreklik min korttermynverpligtings teenoor die publiek vereis word om reserwesaldo's by die Reserwebank aan te hou, stel die Bankwet van 1965 alle bankinstellings vry van hierdie bepaling indien die korttermynverpligtings van sodanige instellings nie R500,000 oorskry nie.

³Die korttermynaktiwiteite word verkry deur kaskredietvoorskotte as bates en onmiddellik opeisbare en ander kort- en middeltermyndeposito's en bankkrediet as laste in te sluit, terwyl langtermyndeposito's (laste) as 'n respos geneem word om die laste en bates te laat klop.

Gegewens wat gedurende 1965 beskikbaar gekom het van banke wat reserwesaldo's by die Reserwebank moet aanhou, toon duidelik aan dat 'n aantal van hierdie banke betreklik min onmiddellik opeisbare en ander kort- en middeltermyndeposito's het. Ten einde bankinstellings wat slegs 'n onbeduidende bydrae tot geld en kwasi-geld kan lewer, uit te sluit van die monetêre banksektor en die monetêre ontleding, is die volgende statistiese maatstaf vir insluiting in die monetêre banksektor neergelê. Enige bankinstelling waarvan die maandelikse gemiddelde bedrag van onmiddellik opeisbare deposito's gedurende die voorafgaande kalenderjaar ten minste R1 miljoen bedra het en waarvan die maandelikse gemiddelde bedrag van kort- en middeltermyndepositoverpligtings gedurende die voorafgaande kalenderjaar gesamentlik ten minste een-derde van die totale depositoverpligtings van sodanige instelling uitgemaak het of ten minste R30 miljoen bedra het. Hierdie maatstaf is arbitrêr maar poog om instellings in te sluit wat beduidend tot die geldvoorraad in absolute terme bydra en waarvan die geld- en kwasi-geldverpligtings tesame 'n betreklik belangrike deel van totale depositoverpligtings vorm of belangrik in absolute terme is.

Op hierdie maatstaf gebaseer, kwalifiseer die geregistreerde handelsbanke, die Nasionale Finansiële korporasie, diskontohuise, aksepbanke en die Landbank as monetêre banksektorinstellings. Boonop kwalifiseer nege van die ander twaalf banke wat reserwesaldo's by die Reserwebank hou vir insluiting by die monetêre banksektor. Hulle sluit drie filiale van handelsbanke in (een huurkoop- en twee algemene banke) asook een groot algemene bank wat ook handelsbankbesigheid doen. Van die oorblywende vyf is vier huurkoopbanke en die ander een 'n algemene bank.

Uit bostaande bespreking volg dit dat vir doeleindes van die Reserwebank se monetêre ontleding die volgende statistiese definisie vir geld gebruik sal word: munt en note gehou buite die monetêre banksektor en private nie-bank binnelandse onmiddellik opeisbare deposito's by die monetêre banksektor, soos gedefinieer.

(b) Kwasi-geld

(i) Kort- en middeltermyn vaste en kennisgewing-deposito's

Vaste en kennisgewingdeposito's wat binne 'n kort tyd opvraagbaar sal word, is ooglopend besig om geld te word. Die omskakeling daarvan in geld is net 'n kwessie van tyd wat een dag, sewe dae of langer mag wees. Die Bankwet definieer korttermynverpligtings teenoor die publiek om nie net onmiddellik opeisbare deposito's in te sluit nie maar ook vaste deposito's betaalbaar binne dertig dae en kennisgewingdeposito's onderworpe aan kennisgewing van minder as dertig dae. Die Wet aanvaar dus 'n mate van ooreenkoms tussen onmiddellik opeisbare deposito's en ander kort-

termyndeposito's, wat bestaan uit geld oorspronklik gedeponeer vir tydperke wisselende van een tot nege-en-twintig dae asook uit fondse wat oorspronklik gedeponeer is vir langer periodes maar wat binne dertig dae betaalbaar geword het. Indien onmiddellik opeisbare deposito's geld is, moet hierdie ander korttermyn-deposito's beskou word as nabye plaasvervangers vir geld, indien nie as geld self nie.

Die Wet trek 'n verdere skeidslyn by ses maande deur middeltermyndepositoverpligtings teenoor die publiek te definieer as spaardeposito's asook vaste deposito's betaalbaar na nie minder as dertig dae nie maar wel minder as ses maande of wat onderhewig is aan kennisgewing van nie minder as dertig dae nie maar wel minder as ses maande. Alhoewel hierdie skeidslyn arbitrêr is, groepeer dit hoofsaaklik deposito's van die betreklike kort termyne van een maand en drie maande saam.

Met 'n goedontwikkelde kredietstelsel kan goedere gekoop word asof vir kontant indien betaling na een maand en in baie gevalle na drie maande geskied. Onder hierdie omstandighede kan deposito's van een maand of drie maande byna as betaalmiddele beskou word. Alhoewel Suid-Afrika se kredietstelsel nie so goedontwikkel is as dié van die Verenigde State of die Verenigde Koninkryk nie, word dit oor die algemeen gebruiklik in Suid-Afrika om 'n transaksie as 'n kontantaankoop of -verkoop te beskou indien betaling binne een maand of selfs binne drie maande daarna geskied. Middeltermyn vaste en kennisgewingdeposito's word derhalwe ook deur die houer daarvan as nabye plaasvervangers van geld beskou indien nie as geld self nie en sal ingesluit word in Suid-Afrika se kwasi-geldvoorraad.

Langtermyn vaste en kennisgewingdeposito's, d.w.s. deposito's betaalbaar na ten minste ses maande of wat aan ten minste ses maande kennisgewing onderhewig is, insluitende deposito's vir een jaar, twee jaar en selfs vir drie en meer jare, daarenteen, bestaan tot 'n groot mate uit egte besparings. Die likwiditeit van hierdie langtermyndeposito's is aansienlik verminder deur die nuwe Bankwet wat die terugbetaling van vaste en kennisgewingdeposito's streng beperk. Hierdie deposito's is nie meer so geredelik inwisselbaar in geld as wat die geval was voor die inwerkingtreding van die nuwe Bankwet nie en sal derhalwe uitgesluit word by die definisie van geld en kwasi-geld en veranderinge daarin sal beskou word as 'n „oorsaak” van veranderinge in geld en kwasi-geld.

(ii) *Spaardeposito's*

Spaardeposito's is prakties opeisbaar sonder enige kennisgewing maar bankinstellings en bouverenigings mag nie spaardeposito's van maatskappye of bedrae van meer as sesduisend rand van 'n enkele persoon

neem nie. Hierdie beperkings is opgelê in 'n poging om die egte spaarkarakter van hierdie deposito's te versterk. Miskien die mees betroubaarste maatstaf om die egte spaarkarakter van spaarrekenings te beoordeel is die omloopsnelheid van hierdie deposito's, d.w.s. die mate waartoe sodanige deposito's gebruik word om betalings te maak soos weerspieël deur die totale bedrag aan onttrekkings oor 'n tydperk gedeel deur die gemiddelde depositobedrag. Egte spaardeposito's word veronderstel om 'n betreklik lae omloopsnelheid te hê, iets soos 'n half. By nadere beskouing van die omloopsnelheid van spaardeposito's by alle bankinstellings en bouverenigings in Suid-Afrika word 'n betreklik hoë syfer vir monetêre bankinstellings en bouverenigings getoon. Volgens beskikbare gegewens vir 1965 is die omloopsnelheid van spaardeposito's by monetêre banke gemiddeld heelwat meer as een, terwyl dit vir bouverenigings omtrent twee is.

Dit wil derhalwe voorkom asof spaarrekenings by Suid-Afrikaanse monetêre bankinstellings en bouverenigings sommige van die eienskappe van lopende rekenings het en daarom as nabye plaasvervangers van geld beskou kan word.

Kort- en middeltermyndeposito's asook spaardeposito's het dus blykbaar genoeg eienskappe van geld of is sulke nabye plaasvervangers van geld dat hulle as kwasi-geld beskou kan word. Alleen die deposito's by instellings wat voldoen aan die maatstaf vir die monetêre banksektor sal egter kwasi-geld genoem word.

Alhoewel aansienlike bedrae op spaarrekenings by bouverenigings gehou word, aanvaar hierdie verenigings geen onmiddellik opeisbare deposito's nie en hulle aandele en vaste deposito's met oorspronklike looptye van twaalf maande en langer is só groot en oorheersend dat hulle beswaarlik in geheel by die monetêre banksektor ingesluit kan word. Hulle spaardeposito's sal derhalwe nie as kwasi-geld beskou word nie. Dieselfde geld ook vir kort- en middeltermyndeposito's by bankinstellings wat nie by die monetêre banksektor ingesluit is nie. Hierdie en verskeie ander bates mag egter in 'n ander soort finansiële ontleding behandel word as „ander likwiede bates” wat deur private huishoudings en sakeondernemings gehou word, soos in die volgende artikel bespreek sal word.

Vir doeleindes van hierdie bespreking, sal kwasi-geld gedefinieer word om in te sluit nie-bank private binne-landse korttermyndeposito's (uitgesonderd onmiddellik opeisbare deposito's) en middeltermyndeposito's (insluitende spaardeposito's) by instellings in die monetêre banksektor, soos gedefinieer.

⁴Hierdie syfer is voorgestel deur M. W. Holtrop in *Monetary Policy in an Open Economy: Its Objectives, Limitations and Dilemmas*, Essays in International Finance, Princetown University, 1963.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Deur die bates en laste van al die monetêre bank-instellings te konsolideer, kan die regstreekse oorsake van veranderings in die geld en kwasi-geld van die private sektor by die monetêre banksektor bepaal word uit hoofde van die veranderings in al die bates minus veranderings in daardie laste wat nie onder geld en kwasi-geld ingesluit is nie.

In onderstaande tabel word die veranderings in die gekonsolideerde bates en laste van die monetêre banksektor vir die laaste drie kwartale van 1965⁵ in so 'n oorsigtelike vorm aangegee dat die veranderings in geld en kwasi-geld direk in verband gebring kan word met veranderings in die goud- en buitelandse valutareserwes, langtermyn buitelandse lenings van die monetêre banksektor, eise teen die regeringsektor, eise teen die private sektor en alle ander bates en laste van die monetêre banksektor. Die bates en laste van die monetêre banksektor word gevolglik op so 'n wyse gegroepeer dat die eise teen die buitelandse sektor, die regeringsektor en die private sektor onderskei kan word, terwyl geld en kwasi-geld van laasgenoemde sektor oorbly as die veranderlikes wat ontleed moet word. Dit verteenwoordig natuurlik 'n vereenvoudigde model van die breëre finansiële vloei-ontleding waarna hieronder verwys sal word.

Daar dien op gelet te word dat alhoewel alle oorsaaklike faktore voortspruit uit die balansstaatidentiteit, het veranderings in enigeen van hulle wel 'n direkte uitwerking op veranderings in geld en kwasi-geld. 'n Vermeerdering in die goud- en buitelandse valutareserwes sal oor die algemeen as binnelandse teenhanger 'n toename in geld en kwasi-geld by die monetêre banksektor hê. Net so sal die verstrekking van bankkrediet ook deposito's by die monetêre banksektor skep. Al die oorsaaklike faktore wat in onderstaande tabel gegee word, moet egter gesamentlik ontleed word aangesien hulle veranderings in poste geneem uit 'n volledige balansstaat verteenwoordig.

Alhoewel totale geld en kwasi-geld van die private sektor gedurende die laaste drie kwartale van 1965 toegeneem het met nie minder as R381 miljoen nie, het die oorsaaklike faktore in elke kwartaal verskil. Gedurende die tweede kwartaal het toenames van R91 miljoen en R101 miljoen in die netto eise teen die private sektor (hoofsaaklik 'n toename in bankkrediet) en teen die regeringsektor (hoofsaaklik 'n afname in regeringsdeposito's), onderskeidelik, die beperkende uitwerking van 'n daling van R89 miljoen in die netto goud- en buitelandse valutareserwes meer as geneutraliseer, met die gevolg dat die geld en kwasi-geld van die private sektor toegeneem het met R106 miljoen.

⁵Hierdie tabel is saamgestel vanaf die gekonsolideerde bates en laste van die monetêre banksektor wat in die tabel op bladsye S-18 en S-19 van hierdie *Kwartaalblad* gegee word.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

	R miljoen 1965		
	2de kw.	3de kw.	4de kw.
Veranderings in geld en kwasi-geld:			
Geld	60	-23	106
Kwasi-geld	47	96	96
Totale geld en kwasi-geld	106	73	202
Oorsake van veranderings:			
Goud- en buitelandse valutareserwes	-93	-10	99
Minus: Korttermyn buitelandse laste	4	-16	-23
Netto goud- en buitelandse valutereserwes	-89	-26	76
Netto langtermyn buitelandse lenings	-3	-1	-3
Eise teen regeringsektor:			
Eise	-23	-28	158
Deposito's (toename -, afname +)	124	55	-19
Netto eise	101	27	139
Eise teen private sektor:			
Eise	72	-33	-66
Langtermyn deposito's (toename -, afname +)	19	102	40
Netto eise	91	69	-26
Ander bates en laste	6	4	16
Totale verandering	106	73	202

In die derde kwartaal het betreklike klein veranderings in die netto goud- en buitelandse valutareserwes en die netto eise teen die regeringsektor mekaar geneutraliseer, terwyl 'n afname van R102 miljoen in langtermyndeposito's hoofsaaklik verantwoordelik was vir 'n toename van R96 miljoen in die kwasi-geldvoorraad.

Nog 'n ander kombinasie van oorsaaklike faktore het gedurende die vierde kwartaal van 1965 gefunkioneer om 'n toename van R202 miljoen in die totale geld- en kwasi-geldvoorraad van die private sektor teweeg te bring. Toenames van R76 miljoen en R139 miljoen in die netto goud- en buitelandse valutareserwes en die netto eise teen die regeringsektor, onderskeidelik, het die afname in die netto eise teen die private sektor, wat R26 miljoen bedra het, vér oorskry.

Die toename van R139 miljoen in die netto eise teen die regeringsektor het gevolg uit 'n toename van R158 miljoen in die monetêre banksektor se besit aan skatkiswissels (R86 miljoen), staatseffekte (R61 miljoen) en ander eise (R12 miljoen), wat gedeeltelik geneutraliseer is deur 'n toename van R19 miljoen in regeringsdeposito's. In hierdie verband is dit belangrik

om daarop te let dat die monetêre banksektor skatkiswissels en staatseffekte verkry het van die private sektor tot 'n netto bedrag van ongeveer R24 miljoen, wat die beperkende uitwerking van die afname van R66 miljoen in die eise teen die private sektor gedeeltelik teengewerk het. Bowendien was die uitwerking van hierdie afname in die eise teen die private sektor verder teengewerk deur 'n afname van R40 miljoen in langtermyndeposito's by die monetêre banksektor.

Daar dien op gelet te word dat die dalende tendens in die langtermyndeposito's 'n uitstaande kenmerk gedurende hierdie periode was; dit het in werklikheid met R161 miljoen oor die laaste nege maande van 1965 afgeneem. Hierdie tendens hou verband met die beperkings wat geplaas is op die terugbetaling van termyndeposito's onder die nuwe Bankwet asook tot 'n sekere mate met die instelling van depositokoersbeheer.

Dit moet beklemtoon word dat beleidsbepalers nie alleen geïnteresseerd is in die werklike korttermynveranderinge in geld en kwasi-geld en die direkte oorsake daarvan nie, maar ook in die sikliese skommings ná uitskakeling van seisoensbewegings in geld en kwasi-geld asook hulle oorsaaklike faktore, wat in verband gebring kan word met veranderinge in ekonomiese en finansiële toestande. Ten einde 'n duidelike ontleding van korttermynbewegings in geld en kwasi-geld en hulle oorsaaklike faktore te verkry, moet seisoensaangesuiwerde maandelikse syfers gebruik word.⁶

Die ontleding van veranderinge in geld en kwasi-geld wat hierbo gedoen is, toon die rol wat op verskillende stadia deur die vernaamste direkte oorsake van veranderinge in geld en kwasi-geld gespeel word, naamlik veranderinge in die goud- en buitelandse valuta-reserwes en binnelandse krediet. Hierdie direkte oorsake moet egter verder ontleed word. Die veranderinge in goud- en buitelandse valuta-reserwes kan verduidelik word met behulp van betalingsbalans-gegewens soos die balans op lopende rekening en sy verskillende poste, en die verskillende tipes kapitaalbewegings. Net so kan veranderinge in binnelandse krediet verbind word met spesifieke beleidsmaatreëls of met die binnelandse vraag na krediet, wat weer afhang van algemene binnelandse besigheidstoestande.

Ander tipes monetêre en finansiële ontledings

Ter afsluiting van hierdie bespreking van die nuwe ontleding van veranderinge in geld en kwasi-geld in Suid-Afrika, kan kortliks verwys word na ander tipes of vlakke van monetêre en finansiële ontledings wat vir verskillende doeleindes betekenisvol gedoen kan word.

⁶Geen maandelikse syfers wat aangesuiwer is vir seisoenskommings is tans beskikbaar vir die nuwe monetêre ontleding nie. Vir so 'n ontleding op die ou basis, sien B. van Staden, *op.cit.*

Eerstens kan die faktore wat die hoeveelheid likwiede bates wat gehou word deur bankinstellings, uitgesonderd die sentrale bank, ontleed word aangesien dit 'n belangrike invloed het op hul vermoë om geld en kwasi-geld te skep. Hierdie tipe ontleding mag ook die owerhede tot hulp wees in die formulering van monetêre beleid. In Suid-Afrika word die besit aan likwiede bates van monetêre bankinstellings uitgesonderd die Reserwebank hoofsaaklik deur drie globale faktore beïnvloed, naamlik (1) veranderinge in die bates en laste van die Reserwebank, insluitende veranderinge in regeringsdeposito's, (2) leningstransaksies van die regering, en (3) die monetêre banke se vermoë om hulle besit aan likwiede bates te vergroot, deur byvoorbeeld voorskotte om te skakel in wissels wat as likwiede bates kwalifiseer.

Tweedens kan die ontleding van veranderinge in geld en kwasi-geld aangevul word deur 'n ontleding van die totale likwiede bates van private nie-finansiële sake-ondernemings en individue ten einde die likwiditeits-toestand van hierdie sektor vas te stel en om hulp te verleen in die beoordeling van die potensiele invloed van veranderinge in die besit van hierdie likwiede bates op die bestedingsbesluite van sake-ondernemings en individue. In hierdie ontleding is dit van besondere belang om, behalwe geld en kwasi-geld (soos hierbo gedefinieer), ook die likwiede bates van die private sektor wat by die regeringsektor gehou word in die vorm van skatkiswissels, korttermynstaatseffekte, ens., soos in die tabel op bladsy S-21 aangetoon, in berekening te bring. Dit mag byvoorbeeld gebeur dat die geld en kwasi-geld van die private sektor afneem as gevolg van 'n toename in regeringsdeposito's wat verkry is deur van die private sektor in die vorm van skatkiswissels te leen. In hierdie geval word die afname in die geld en kwasi-geld van die private sektor presies geneutraliseer deur 'n toename in sy likwiditeit in die vorm van skatkiswissels. Soos in die volgende artikel bespreek sal word, bestaan daar ook verskillende ander vorms van likwiede bates wat in berekening gebring moet word in 'n ontleding van die likwiditeit van private sake-ondernemings en individue.

By gebrek aan 'n gestandaardiseerde tegniek vir die ontleding van die likwiede bates van private sake-ondernemings en individue, kan die sogenaamde vloei-van-fondse-tabelle of finansiële rekeninge 'n omvattende en gerieflik gerangskikte ontleding vir hierdie doel bied. Deur sektore soos die buitelandse sektor, die regeringsektor, die monetêre banksektor, ander depositonemers, versekeraars en pensioenfondse, ander geïnkorporeerde sake-ondernemings, individue en ander, as kolomte te onderskei en terselfdertyd bateposte (of lasteposte) aan te gee in 'n ry wat 'n benaderde spektrum van likwiede bates vorm, soos geld, kwasi-geld, skatkiswissels, korttermynstaatseffekte, spaar- en ander deposito's, bouvereniging-aandele, spaarobligasies, ander staatseffekte, mu-

nisipale effekte, effekte van openbare korporasies, ens., kan die likwiede bates van enige sektor of kombinasie van sektore gerieflik verkry word tesame met die eise van elke sektor op al die ander sektore.⁷ Hoewel geen amptelike vloei-van-fondse-tabelle vir Suid-Afrika tans

beskikbaar is nie, is 'n mate van vordering reeds gemaak met die statistiese navorsing op hierdie gespesialiseerde gebied, wat deur die Ekonomiese Departement van die Reserwebank onderneem word.⁸

⁷Vir 'n bespreking van die aard en raamwerk van finansiële rekeninge (of vloei-van-fondse-tabelle) sien: B. van Staden, National Financial Accounts with special reference to Conceptual Problems, *Finance and Trade Review*, Volkskas Bpk., vol. v, nr. 6, Junie 1963.

⁸Vloei-van-fondse-statistiek vir Suid-Afrika is nie-amptelik vir die jare 1957 tot 1961 gepubliseer. Sien B. van Staden, Systems of National Financial Accounts with special reference to a System for South Africa, *Finance and Trade Review*, Volkskas Bpk., vol. v, nr. 7, Sept./Des. 1963.

Die betekenis van ander likwiede bates as geld en kwasi-geld in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding

deur J. H. Meijer

Inleiding

Die voorafgaande twee artikels in hierdie uitgawe van die Reserwebank se Kwartaalblad het die hooftrekke aangedui van die begrippe „monetêre banksektor” en „geld en kwasi-geld” in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding, redes aangevoer vir die hersiene omskrywings van hierdie begrippe, ’n aanduiding gegee van die aard van die verskeie soorte geld en kwasi-geld wat deur hierdie definisies omvat word, en ’n uiteensetting gegee van die manier waarop onmiddellike „oorsake” van veranderings in die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld, soos dit op verskillende tydstippe in die volkshuishouding bestaan, deur middel van ’n „monetêre ontleding” geïdentifiseer en gemeet kan word. Terselfdertyd is daarop gewys dat ’n meting van geld en kwasi-geld vir sekere doeleindes moontlik nie ’n noukeurige maatstaf verskaf van die totale likwiditeit van private nie-finansiële bestedingseenhede wie se bestedingsbesluite in hoofsaak verantwoordelik is vir die bepaling van die totale bedrag aan private verbruiks- en investeringsuitgawes in die ekonomie nie. Die ontledings van die voorgaande twee artikels behoort derhalwe aangevul te word met ’n oorsig van „ander” finansiële bates wat likwiditeitseienskappe besit, of gehou word vir doeleindes, wat hulle min of meer nabye plaasvervangers vir geld en kwasi-geld in die hande van hul besitters kan maak.

Aard van „ander likwiede bates”

Geld en kwasi-geld is gedefinieer as insluitende munt en banknote in omloop en kort- en middeltermyn-depositoverpligtings van die monetêre banksektor teenoor die private sektor. Aangesien „likwiditeit” ’n kwessie van feitlik aaneenlopende graadverskille is, en nie ’n eksklusiewe eienskap van slegs ’n beperkte reeks of aantal finansiële bates nie, sou dit moeilik wees om ’n ooreenstemmende omskrywing van „ander likwiede bates” te verskaf. Dit is nietemin moontlik, en vir sekere doeleindes wenslik, om sekere soorte finansiële bates te onderskei wat, saam met geld en kwasi-geld, min of meer likwiede eise teen die „finansiële sektor” van die volkshuishouding uitmaak en as sodanig as ’n deel van die totale likwiedebatebesit van private nie-finansiële bestedingseenhede beskou behoort te word. Vir die doel van hierdie artikel sal die „finansiële sektor” geag

word te bestaan uit bank- en ander depositonemende instellings, versekeraars en pensioenfondse. Behalwe bates wat by hierdie instellings gehou word, besit private nie-finansiële bestedingseenhede ook ’n verskeidenheid likwiede bates by die regeringsektor. Opmerklike voorbeelde van „ander likwiede bates as geld en kwasi-geld”, wat hieronder in meer besonderhede bespreek sal word, sluit derhalwe in (i) kort- en middeltermyndeposito’s by ander bankinstellings as dié wat in die monetêre banksektor opgeneem is, en spaardeposito’s by bouverenigings, (ii) „ander” (langtermyn) deposito’s by bankinstellings en bouverenigings, en bouvereniging-„aandele”, en (iii) likwiede bates, soos skatkiswissels en korttermynstaatseffekte, by die regeringsektor.¹ ’n Aantal redes doen hulle voor waarom beduidende veranderings in die totale bedrag aan sulke bates by die ontleding van die algemene monetêre en krediettoestand die belangstelling van die monetêre owerheid behoort te geniet. In die eerste plek besit ’n beduidende deel van hierdie bates self tegniese likwiditeitseienskappe (in die sin dat hulle redelik vinnig en gerieflik en met betreklik geringe risiko van verlies te gelde gemaak kan word) wat slegs weinig verskil, en soms ononderskeibaar kan wees, van dié van sekere soorte geld en kwasi-geld soos dit tans gedefinieer word. In ander gevalle, byvoorbeeld dié wat langtermyndeposito’s by monetêre bankinstellings behels, kan die verskil wesenlik wees maar bly dan tot op sekere hoogte ’n kwessie van graad. Onder die ietwat ander omstandighede wat onder die Bankwet van 1942 bestaan het, is ’n betreklik aansienlike bedrag van hierdie bates in werklikheid by kwasi-geld ingesluit. In verskeie gevalle kan die „likwiditeit” van hierdie bates, hetsy in ’n tegniese sin of vanuit die oogpunt van die besitters daarvan, daarom geag word om ten minste

¹Dit word uiteraard nie beweer dat hierdie besondere groepe bates, tesame met geld en kwasi-geld, noodwendig ’n volledige „inventaris” van die totale likwiedebatebesit van private nie-finansiële bestedingseenhede (waarby vir sekere doeleindes byvoorbeeld ook die kontantwaarde van lewensversekeringspolisse ingetel sou kon word) verskaf nie. Nietemin wil dit voorkom asof die bogenoemde kategorie finansiële bates, tesame met geld en kwasi-geld, die meer klaarblyklik likwiede en/of kwantitatief belangriker groepe finansiële bates bevat wat geredelik vir breë lae van die publiek beskikbaar is en in die totale netto finansiële vermoë van die private nie-finansiële sektor ingesluit behoort te word. Die bestaan van ’n verskeidenheid van sulke bates, soos in Suid-Afrika, is op sigself kenmerkend van ’n betreklik hoog ontwikkelde volkshuishouding wat oor ’n hoogs gediversifiseerde en plooibare finansiële struktuur beskik.

gelyk te wees aan dié van die minder likwiede en minder intensief gebruikte soorte deposito's wat tans by kwasi-geld ingesluit word. As gevolg hiervan kan die redes waarom die private sektor hierdie bates aanhou, asook die uitwerking wat veranderings in hul gesamentlike omvang op werklike of beplande private bestedingsgedrag kan uitoefen, by tye in hoë mate dieselfde wees as dié wat in die geval van geld en kwasi-geld van krag is.

Tweedens, in die mate waarin sulke bates bestaan uit deposito- of soortgelyke laste van private bank- of finansiële instellings wat nie in die monetêre banksektor opgeneem is nie, beteken 'n toename in die bedrag daarvan 'n toename in die kredietsekkingsvermoë van die betrokke instellings. Namate die betrokke kontant of deposito's heruitgeleen word, keer dit gewoonlik terug na private besitters, waardeur die besit aan geld en kwasi-geld van die private nie-finansiële sektor tot op die oorspronklike peil daarvan teruggebring word terwyl hierdie sektor se totale besit aan „likwiede bates” in werklikheid vermeerder word met 'n bedrag wat by benadering gelyk is aan dié van die oorspronklike deposito.² In hierdie verband behoort in gedagte gehou te word dat die vermoë van nie-banksektorinstellings om hul depositoverpligtings en uitleenpotensiaal te vergroot (deur byvoorbeeld 'n hoër peil van depositorentekeerse aan te bied as wat elders aangebied word) 'n afname in die depositoverpligtings van instellings in die monetêre banksektor, en in die bedrag aan krediet wat deur sulke instellings verskaf word, kan beteken maar sekerlik nie *hoef* te beteken nie.³ Aangesien hulle dus in staat is om 'n toevoeging te maak tot die algemene beskikbaarheid van krediet en daardeur 'n grondslag kan verleen aan 'n toename in die totale besteding (waarvan die uitwerking statisties aan die lig sal kom as 'n verhoging van die omloopsnelheid van geld), kan hierdie instellings by geleentheid bydra tot inflasionistiese druk, of deflasionistiese neigings wat deur 'n kredietbeperking elders uitgelok word, teëwerk. Hoewel die vermoede bestaan dat die betrokke instellings in werklikheid nie veel meer doen as om „egte besparings” na verskillende vorms van finansiering van investerings te kanaliseer nie, is dit nie noodwendig die geval nie, òf omdat die

fondse wat verskuif word, „ou” in plaas van lopende besparings verteenwoordig (d.w.s. uit „ledige” saldo's wat aktief gemaak word, bestaan), òf omdat die depositoverpligtings van die instellings wat die fondse ontvang self (soos in die geval van spaardeposito's by bouverenigings) 'n sterk ooreenkoms met geld en kwasi-geld toon en as sodanig gebruik word. Aangesien besondere omstandighede hierdie soort depositoverskuiwing by tye kan aanwakker tot 'n omvang wat die normale koers daarvan oortref, verdien die totale bedrag van die verpligtings van hierdie instellings om reëlmatig in oënskou geneem te word.⁴

Derdens kan 'n toename in „ander likwiede bates” by bankinstellings en ander finansiële instellings buite die monetêre banksektor nie slegs 'n sekere toename in die algemene beskikbaarheid van krediet teweegbring nie, maar, soortgelyk aan die uitwerking van 'n herverdeling van deposito's binne die banksektor, kan dit ook invloed op die *rigting* van die uitleenstroom hê. Dit is natuurlik besonder duidelik in die geval van die bouverenigings wie se welslae of gebrek daaraan om in mededinging met ander depositonemende instellings deposito's aan te trek of hul „aandeel”-laste te vermeerder, 'n betekenisvolle invloed op die koste en beskikbaarheid van verbandkrediet kan uitoefen.

Laastens, aangesien 'n beduidende deel van die private sektor se besit aan „ander likwiede bates” by instellings buite die monetêre banksektor uit bates bestaan wat in meerdere of mindere mate ooreenkoms met geld en kwasi-geld toon en as sodanig deur sekere breë lae van die publiek gebruik word, en aangesien die totale bedrag aan hierdie bates relatief groot is, is dit moontlik dat 'n mate van „terugvloeiing” ook op hierdie instellings van toepassing is. As 'n groep kan hierdie instellings tot op sekere hoogte dus ook beskik oor die mag om meervoudig krediet te skep op grondslag van enige gegewe oorspronklike toename in hulle laste, alhoewel die „kredietvermenigvuldiger” in hul geval hoogs waarskynlik heelwat

²Dit is natuurlik moontlik dat die uitleenbedrywighede van die betrokke instellings self kragte aan die werk sit wat neig om geld en kwasi-geld te verminder (byvoorbeeld deur die invoer te laat toeneem en 'n betalingsbalanstekort te veroorsaak, of deur 'n beperkende monetêre of fiskale beleid noodsaaklik te maak).

³Wanneer 'n onmiddellik opeisbare deposito vanaf 'n handelsbank na een of ander ander bank- of finansiële instelling verskuif word, sal die depositoverpligtings van alle handelsbanke as 'n groep oor die algemeen neig om onveranderd te bly (as gevolg van die feitlik outomatiese „terugvloeiing” wat op alle handelsbanke gesamentlik van toepassing is). Vanweë die beperkings wat deur die nuwe bankwetgewing in Suid-Afrika op die terugbetaling van vaste en kennisgewingdeposito's voor vervaldatum geplaas is, behels die meeste depositoverskuiwings vermoedelik onmiddellik opeisbare deposito's, waarvan die groot meerderheid inderdaad by handelsbanke gehou word.

⁴Dit sal opgemerk word dat die verloop van sake wat in hierdie paragraaf beskryf is, dieselfde is as dié wat van toepassing was in die geval van depositoverskuiwings tussen handelsbanke en „ander monetêre bankinstellings” (die aksepbanke ingesluit) voordat die Bankwet van 1965 aan albei groepe instellings dieselfde reserwevereistes voorgeskryf het. Onder die huidige omstandighede, en onder die aanname dat alle bankinstellings in die banksektor hul maksimum-uitleenposisies bereik het, beteken 'n verskuiwing van onmiddellik opeisbare deposito's tussen instellings in die monetêre banksektor, mits sulke deposito's weer terugkom as korttermynverpligtings van die ontvangende instellings, 'n herverdeling van uitleenvermoë eerder as 'n toename daarin. Soos hierbo aangedui, is dit nie die geval wanneer onmiddellik opeisbare deposito's vanaf handelsbanke na instellings buite die banksektor verskuif word, in welke geval die totale uitleenvermoë oor die algemeen sal neig om te vermeerder. By die bepaling van die mate waarin depositoverskuiwings van banksektorinstellings na instellings buite die banksektor wel in die praktyk kan voorkom, behoort in aanmerking geneem te word dat instellings buite die banksektor alle bouverenigings insluit. Aangesien van die feit dat hulle in staat is om „hul eie skuldlaste te vermeerder sonder om die likwiditeit van hul skuldeisers in beduidende mate te verminder” (deur deposito's te trek wat op 'n voet van gelykheid met kwasi-geld is), kan die bouverenigings as 'n groep normaalweg ook verwag om 'n deel van die lopende besparings van die publiek te ontvang.

kleiner is as dié wat in die geval van die monetêre banksektor geld.

By wyse van opsomming van die voorgaande kan hier nog eens gestel word dat enige betekenisvolle verandering in die omvang of samestelling van „ander likwiede bates” gehou deur die private nie-finansiële sektor vir die monetêre owerheid van belang behoort te wees in die mate waarin (i) „ander likwiede bates” self noue ooreenkoms met geld of kwasi-geld toon, of as deel van hulle algemene nuttigheid as betreklik nabye plaasvervangers daarvoor kan dien; (ii) ’n toename in „ander likwiede bates” by private finansiële instellings wat nie by die monetêre banksektor ingesluit is nie, ’n toename in die algemene beskikbaarheid van krediet kan beteken; en (iii) die uitleenbedrywigheide van hierdie instellings invloed op die rigting van die uitleenstroom kan uitoefen, terwyl (iv) in die mate waarin sulke „ander likwiede bates” relatief groot bedrae behels asook wydverspreid aangehou word, die „terugvloeiing” en die vermoë tot meervoudige krediet-skepping wat daarop gebaseer is, moontlik nie onaansienlik is nie.

Die aard van likwiditeit

Enige „inventaris” van die likwiedebatebesit van die private sektor moet noodwendig gegrond wees op een of ander opvatting van waaruit die likwiditeit van ’n bate bestaan. By wyse van ’n eerste benadering van hierdie saak kan geredelik aan drie soorte kriteria gedink word. Tegnies sal ’n bate as likwiede geld in die mate waarin dit vinnig, gerieflik, *en masse* en sonder risiko van noemenswaardige verlies te gelde gemaak kan word. Tweedens kan ’n bate geag word om slegs likwiditeit of „geldagtigheid” te besit in die mate waarin dit werklik deur die besitters daarvan as geredelik beskikbare bestedingsvermoë aangewend word. Uit hoofde van hierdie vereiste sou ’n sekere minimum gemiddelde waarde van die omloopsnelheid of omset-snelheid as ’n bykomende maatstaf ingevoer moet word. Ten slotte kan finansiële bates as likwiede beskou word in die mate waarin die besit daarvan ’n kwalitatief soortgelyke uitwerking op die bestedings-bereidheid van hul besitters uitoefen as wat besit van dieselfde bedrag aan geld, volgens een of ander enge definisie daarvan, sou doen.

Dit sal duidelik wees dat volgens enigeen van hierdie kriteria (waaraan enige besondere finansiële bate nie noodwendig tegelykertyd of in dieselfde mate hoef te voldoen nie) die likwiditeit van bates noodsaaklikerwys ’n kwessie van graad is. Bowendien kan die likwiditeit van enige besondere bate neig om te varieer volgens ekonomiese omstandighede in die algemeen, die „vertrouenstoestand”, monetêre en finansiële beleid, en toestande van monetêre krapheid of ruimte, waardeur die likwiditeit daarvan in sekere sin afhanklik gemaak word van die likwiditeitstoestand in

die volkshuishouding in die algemeen. Om hierdie redes hoef geen buitenste grenslyn wat getrek sou kon word om die likwiedebatebesit van private bestedings-eenhede van hul ander bates af te baken, of universeel en blywend geldig te wees of verkieslik te wees bo ander moontlike grenslyne nie. Verder is dit moontlik dat enige meting van die *likwiedebatebesit* van die private nie-finansiële sektor slegs ’n eerste aanduiding gee van die *likwiditeit* van private bestedingseenhede in ’n meer algemene en subjektiewe sin, wat ook faktore soos die koste en beskikbaarheid van krediet, die vooruitsigte vir toekomstige inkomme en die subjektiewe las (of „negatiewe likwiditeit”) van skuld wat alreeds aangegaan is, in aanmerking kan neem en rekening sal hou met die oordele en gevoelens van leners en uitleners in die algemeen.

Alhoewel dit waarskynlik belangrik is vanuit die oogpunt van ontleding van private bestedingsgedrag, kan die graad van likwiditeit in laasgenoemde sin klaarblyklik nie regstreeks bepaal word nie. Dit sal nogtans duidelik wees dat *binne* die totaal van finansiële bates in besit van die private nie-finansiële sektor verskillende afbakeningslyne getrek kan word om begrippe van likwiditeit van die private sektor te onderskei wat, alhoewel dit meer omvattend as geld en kwasi-geld is, nietemin konsekwent en statisties meetbaar is. Die begrip geld en kwasi-geld kan derhalwe nuttig aangevul word, afhangende van die doelstellings wat met sulke metings beoog word, deur ook een of meer van die verskeie kategorieë of soorte „ander likwiede bates” waarna hierbo verwys is en wat hieronder in meer besonderhede bespreek word, in aanmerking te neem.

Oorsig van „ander likwiede bates”

Vir doeleindes van hierdie artikel omvat „ander likwiede bates in die hande van die private nie-finansiële sektor” (a) kort- en middeltermyndeposito’s by private bank- of finansiële instellings buite die monetêre banksektor, (b) langtermyndeposito’s by private banke of finansiële instellings, en (c) likwiede bates gehou by die regeringsektor.

(a) Kort- en middeltermyndeposito’s by nie-monetêre bankinstellings en bouverenigings

Volgens hul suiwer tegniese likwiditeitseienskappe alleen behoort hierdie kategorie die volgende deposito’s en soortgelyke eise in te sluit:

- (i) onmiddellik opeisbare deposito’s by bankinstellings buite die monetêre banksektor;
- (ii) ander korttermyn-, spaar- en ander middeltermyndeposito’s by sulke bankinstellings;
- (iii) spaardeposito’s by bouverenigings; en
- (iv) ’n gedeelte van die vaste deposito’s by bouverenigings.

(i) *Onmiddellik opeisbare deposito’s* – Vir hul besitters behoort onmiddellik opeisbare deposito’s by „ander”

bankinstellings klaarblyklik ononderskeibaar, of byna ononderskeibaar, te wees van onmiddellik opeisbare deposito's wat byvoorbeeld by „ander monetêre bankinstellings“ gehou word en wat as geld tel. Aangesien min bankinstellings buite die banksektor in werklikheid wel onmiddellik opeisbare deposito's aanvaar, is die bedrag van hierdie deposito's egter baie klein (ongeveer R3.5 miljoen op 31 Desember 1965) en bestaan dit moontlik uit onopgeëiste saldo's en soortgelyke laste van die betrokke instellings eerder as uit onmiddellik opeisbare deposito's as sodanig.⁵

(ii) *Ander kort- en middeltermyndeposito's, met insluiting van spaardeposito's, by nie-monetêre bankinstellings* – Die private sektor se besit aan hierdie deposito's, wat in beginsel regstreeks vergelykbaar is met kwasi-geld soos dit tans gedefinieer word, het op 31 Desember verlede jaar ongeveer R54 miljoen bedra. Hoewel op sigself nie indrukwekkend nie, oortref hierdie bedrag die bydrae tot geld van die diskontohuise en is dit by benadering van dieselfde omvang as die bydraes tot geld en kwasi-geld van die Nasionale Finansiële korporasie en die Landbank.

(iii) *Spaardeposito's by bouverenigings* – Aan die einde van verlede jaar het die totale spaardeposito's by bouverenigings R265 miljoen bedra, waarvan verreweg die grootste deel hoogs waarskynlik deur individue gehou is. Hierdie pos vorm derhalwe ook verreweg die grootste geredelik onderskeibare groep deposito's wat geag kan word om op gelyke voet met kwasi-geld te wees sonder om self as sodanig getel te word. Dit sal onthou word dat die Bouverenigingwet, no. 24 van verlede jaar, in 'n poging om die „egte besparings“-aard van hierdie deposito's te herstel, 'n boonste grens van R6,000 geplaas het op die bedrag wat deur 'n enkele deposant op spaarrekening by een bouvereniging gehou mag word, en maatskappye met beperkte aanspreeklikheid belet het om sulke rekenings te open. Die huidige omsetsnelheid daarvan, wat gemiddeld blykbaar 2 per jaar te bowe gaan, dui nogtans daarop dat 'n nie onbelangrike en moontlik toenemende deel van deposante voortgaan om hierdie rekenings as kwasi-lopemde rekenings te beskou en te hanteer.

(iv) *Vaste deposito's by bouverenigings* – Die totale vaste deposito's by bouverenigings het aan die einde van verlede jaar R477 miljoen bedra. 'n Belangrike maar nie maklik bepaalbare gedeelte van hierdie deposito's moet noodwendig onverstreke looptye van minder as ses maande hê, waardeur hulle tegnies vergelykbaar word met kwasi-geld, wat soortgelyke

deposito's wat by monetêre bankinstellings gehou word, insluit. Aangesien op hierdie stadium weinig bekend is betreffende die mate waarin sulke deposito's òf opgevra, òf hernieu word namate hulle verval, verteenwoordig hulle moontlik „egte besparings“ eerder as fondse wat vir vasstaande bestedingsplanne op een of ander bepaalde datum in die toekoms in gereedheid gehou word.

(b) *Langtermyndeposito's by bankinstellings en bouverenigings, en bouverenigingaandele*

Hierdie kategorie sluit die volgende in:

(i) *Langtermyndeposito's by bankinstellings* – Langtermyndeposito's (d.w.s. deposito's met onverstreke looptye of kennisgewingsperiodes van ses maande of meer) wat deur die private sektor by bankinstellings gehou word, het aan die einde van verlede jaar ongeveer R566 miljoen beloop, waarvan omstreeks R464 miljoen by monetêre bankinstellings gehou is (hoofsaaklik by handelsbanke en „ander“ monetêre bankinstellings). Dit behoort opgemerk te word dat hierdie bedrae deposito's insluit met enige onverstreke looptyd van ses maande tot verskeie jare. Soos in die geval van middeltermyndeposito's by bankinstellings en vaste deposito's by bouverenigings, waarna hierbo verwys is, is die likwiditeit van hierdie deposito's uiteraard beïnvloed deur wetlike beperkings op hul terugbetaling voor vervaldatum, waardeur die saak ten gunste van hul uitsluiting van kwasi-geld versterk is.⁶ Die likwiede bate- en voorgeskrewe beleggingsvereistes van die Bankwet het ongetwyfeld die uitwerking gehad om middeltermyndeposito's oor die „minder as ses maande“-skeidslyn te stoot, waardeur hulle uit kwasi-geld verwyder is sonder dat hul aard of die doeleindes waarvoor hulle gehou word, wesenlik verander het. Nogtans het die langtermyndeposito's wat by hierdie kategorie ingesluit word, oor die afgelope maande 'n opmerkbare afname getoon en het die bedrag daarvan tussen die einde van Maart en Desember 1965 met ongeveer R160 miljoen, of heelwat meer as een-vyfde, gedaal.

(ii) *Vaste deposito's by bouverenigings* – Vaste deposito's by bouverenigings met onverstreke looptye van ses maande of meer behoort ook in hierdie kategorie.

(iii) *Bouverenigingaandele* – Aan die einde van 1965 het bouverenigingaandele nie minder nie as R1,000 miljoen bedra, waarvan ongeveer 96 persent deur die private nie-finansiële sektor gehou is. Alhoewel verwag sou kon word dat die huidige wetlike vereistes (waarvolgens aandele nie onttrek mag word nie voordat dit vir ten minste vyftien maande plus 'n kennis-

⁵In hierdie en volgende afdelings sluit die bedrae aan deposito's wat genoem word as gehou deur die private sektor by bankinstellings, deposito's gehou deur die regering en provinsiale administrasies, buitelanders en ander bankinstellings uit, maar kan nog steeds bedrae wat deur ander finansiële instellings as bankinstellings gehou is, insluit. Hulle is dus nie ten volle verteenwoordigend van die besit aan deposito's van die private *nie-finansiële* sektor nie, waaromtrent gegewens nie geredelik beskikbaar is nie.

⁶Kragtens Artikel 21 (6) van die Bankwet mag vaste en kennisgewingdeposito's, behoudens sekere uitsonderings, slegs voor vervaldatum terugbetaal word nadat dit vir twaalf maande of langer gehou is en ná verstryking van 'n kennisgewingsperiode van ten minste dertig dae.

gewingsperiode van drie maande gehou is) die aantreklikheid van bouverenigingaandele as 'n maklik inkasseerbare, relatief hoërentedraende finansiële bate moes verminder het, het die bedrag aan uitstaande aandele in werklikheid onafgebroke aangehou om te styg sedert die Bouverenigingwet verlede jaar van krag geword het.

Oor die algemeen bestaan die finansiële bates wat in hierdie afdeling opgenoem is, grotendeels uit „egte besparings“. Tot op sekere hoogte verteenwoordig hulle nogtans finansiële bates wat onder bepaalde omstandighede (byvoorbeeld nadat dit vyftien maande of langer gehou is) nog steeds binne 'n taamlike kort tydperk en met betreklike gemak te gelde gemaak kan word. Hulle hooffunksie is moontlik om aan hulle besitters 'n sekere veiligheidsgrens te verskaf wat 'n blywende uitwerking op laasgenoemdes se bestedings-geneigdheid kan uitoefen.

(c) Likwiede bates by die regeringsektor

Hierdie kategorie kan geag word om die volgende in te sluit:

- (i) sekere deposito's by die Staatskuldkommissaris;
- (ii) belastingdelgingsertifikate;
- (iii) skatkiswissels; en
- (iv) korttermynstaatseffekte met onverstreke looptye tot drie jaar.

Aan die einde van 1965 is ongeveer R14 miljoen aan korttermynfondse tot twaalf maande (met insluiting van daggeld) deur die private nie-finansiële sektor by die Staatskuldkommissaris gehou, wat min of meer gelykop verdeel was tussen „individue en private trusts“ en „maatskappye“ (insluitende openbare korporasies en die Suid-Afrikaanse Spoorweë). Belastingdelgingsertifikate, wat slegs deur individue gehou word, beloop op die oomblik minder as R250,000. Ongeveer R14 miljoen aan skatkiswissels is deur die private nie-finansiële sektor gehou, hoofsaaklik deur maatskappye. Korttermynstaatseffekte gehou deur die private nie-finansiële sektor het R20 miljoen bedra, waarvan R16 miljoen in besit van maatskappye was.

Die ekonomiese en monetêre betekenis van hierdie bates as 'n integrerende deel van die likwiedebatebesit van die private nie-finansiële sektor kan groter wees as wat die bogenoemde syfers laat vermoed. In die eerste plek verskaf skatkiswissels 'n voor die hand liggende en by tye aantreklike aanwending vir die tydelik ledige fondse van sake-ondernemings. As sodanig kan die bedrag wat deur die private nie-finansiële sektor daaraan gehou word, by geleentheid aan betreklik groot en vinnige skommelings onderhewig wees. Bowendien kan skatkiswissels, in die mate waarin hulle deur die regering regstreeks aan die private nie-finansiële sektor uitgereik of onttrek word en mits geen dienooreenkomstige veranderings in regeringsaldo's by die bankstelsel voorkom nie, in-

vloede op die likwiedebatebesit van die private sektor uitoefen wat nie in die gekonsolideerde balansstaat van die monetêre banksektor of in die bedrywigheede en balansstate van banke en finansiële instellings in die algemeen weerspieël word nie. As 'n besondere kenmerk van sowel korttermynstaatseffekte as skatkiswissels kan genoem word dat 'n belangrike deel van die likwiditeit van hierdie bates berus op hul maklike bemarkbaarheid sowel as op hul betreklik kort looptye voordat dit afgelos word.

Behalwe die bogenoemde hoogs likwiede eise teen die regering het die private nie-finansiële sektor aan die einde van verlede jaar ook nog ongeveer R132 miljoen aan spaardeposito's en spaarsertifikate by die Posspaarbank, asook R106 miljoen aan Nasionale Spaarsertifikate en R51 miljoen aan Tesourie-obligasies, in besit gehad. Daar kan min twyfel bestaan dat hierdie bates oor die algemeen „egte besparings“ verteenwoordig. Nasionale Spaarsertifikate is nie terugbetaalbaar binne een jaar ná die aankoopdatum daarvan nie. Tesourie-obligasies word gewoonlik uitgereik met 'n oorspronklike looptyd van vyf of sewe jaar; by die skryf hiervan was geen uitgifte binne een jaar van die aflosdatum daarvan nie. Hierteenoor is deposito's by die Posspaarbank, wat in die algemeen aan dertig dae kennisgewing onderhewig is maar in klein bedrae op aanvraag onttrek kan word, op die oog nader verwant aan kwasi-geld. In die lig van hul lae gemiddelde omsetsnelheid, wat minder as 0.5 per jaar bedra, vorm hulle egter blykbaar 'n geval waarby daardie mate van tegniese likwiditeit wat hulle wel besit slegs gedeeltelik in die sienswyse wat hul besitters omtrent hulle daarop nahou, weerspieël word.

Slot

Pogings om geld en kwasi-geld te definieer en te meet is oor die algemeen ten minste tot op sekere hoogte gegrond op die veronderstelling dat daar 'n betekenisvolle verband bestaan tussen veranderings in die hoeveelheid geld en kwasi-geld enersyds en veranderings in die totale ekonomiese bedrywigheid andersyds. So 'n sienswyse beteken egter nie noodwendig dat een of ander kwantiteitsteorie van geld in 'n strenge of meganistiese sin aangehang word nie. Dit kan byvoorbeeld geredelik toegegee word, eerstens, dat geld en kwasi-geld soos gedefinieer slegs 'n gedeelte van die totale likwiedebatebesit van die private sektor uitmaak. Tweedens hoef enige meetbare besit aan likwiede bates nie meer te wees nie as 'n eerste aanduiding van 'n nog ruimer en meer subjektiewe opvatting van die likwiditeit van die private sektor wat dan onderliggend aan private bestedingsbesluite sou wees. Laastens, selfs al is toenemende likwiditeit op sigself 'n aansporing tot besteding of 'n faktor wat besteding vergemaklik, kan ander oorwegings maklik die invloed daarvan ophef.

Binne hierdie algemene benadering is dit nogtans belangrik om 'n begrip geld en kwasi-geld, of geld, kwasi-geld en ander likwiede bates, te formuleer wat 'n betekenisvolle en betroubare verband met die heersende of toekomstige peil van die bruto volksproduksie toon. Met die oog hierop is klaarblyklik nog verdere navorsing nodig, nie net om die presiese graad van likwiditeit (waaronder die jaarlikse omsetsnelhede) van 'n aantal finansiële bates soos dié waarna hierbo verwys is, te bepaal nie, maar ook met betrekking tot die doeleindes waarvoor, en die ekonomiese sektore en onderverdelings van sektore waardeur, sulke bates oor die algemeen gehou word. Die verloop van sulke bates

in die verskillende fases van die konjunkturgolf, soos die tydperk van vinnige uitbreiding wat die Suid-Afrikaanse volkshuishouding tussen 1962 en 1965 ondervind het, is ook 'n saak wat verdere aandag verdien. Ten slotte kan die ontwikkeling van nuwe finansiële instellings sowel as van nuwe vorms van likwiede bates wat 'n hoë mate van „geldagtigheid” kan toon of ten koste van bestaande bates „geldagtigheid” kan verwerf, dit nodig maak om die verskillende statistiese en analitiese begrippe wat gebruik word, asook die wetlike raamwerk waarbinne Suid-Afrikaanse banke en finansiële instellings werksaam is, reëlmatig te hersien.